

MB  
784.4968  
DUP

# DIE BYDRAE VAN DIE KAAPSE MALEIER TOT DIE AFRIKAANSE VOLKSLIED

DEUR

DR. I. D. DU PLESSIS



NASIONALE PERS. BEPERK. Kaapstad  
1935

*Aan RASDIEN*

*en die*

*Maleise Sangers van Kaapstad*

## INHOUD

	<i>Bladsy</i>
VOORWOORD . . . . .	i
I. DIE MALEISE SAMELEWING AAN DIE KAAP . . . . .	1
II. (a) Die Volkslied . . . . .	27
(b) Die Sangverenigings . . . . .	33
III. DIE HOLLANDSE LIED . . . . .	41
(a) Oorgeplant . . . . .	45
(b) Hier Ontstaan . . . . .	71
IV. DIE AFRIKAANSE LIED . . . . .	81
(1) Algemene Liedere . . . . .	83
(2) <i>Ghomma</i> -liedjies . . . . .	91
(a) Algemeen-Afrikaans met variante . . . . .	101
(b) Maleis-Afrikaans . . . . .	117
BESLUIT . . . . .	123
BYLAE A: <i>Ghomma</i> -liedjies . . . . .	127
BYLAE B: Oorlewerings: Hollands . . . . .	149
BYLAE C: Boekliedere: Hollands . . . . .	165
BIBLIOGRAFIE . . . . .	169

## VOORWOORD.

Hiermee 'n poging om 'n onderwerp te behandel waaraan tot dusver maar min aandag geskenk is, veral deur die Afrikaner, vir wie dit van meer onmiddellike belang is as vir enige ander deel van ons samelewing — behalwe die Maleier self.

Maar afgesien van enige kulturele versterking wat die Kaapse Maleier ons mag verskaf, staan hy, met sy Oosters gekleurde lewensbeskouing, ver genoeg van sowel blanke as kleurling om afsonderlike behandeling te regverdig. Daarom het ek dit goed gegag om in die inleidende hoofstuk 'n samevatting van die onderwerp as geheel te gee, en stof aan te bied (by voorbeeld die Maleise en Arabiese woorde in die omgangstaal) wat wel nie van regstreekse toepassing op die lied is nie, maar wat sekere rigtings vir verdere navorsing aandui en tot dusver nie geboekstaaf is nie. 'n Intensiewe kultuur-historiese beskouing sou baie dieper op hierdie rigtings moet ingaan, en ook die aandag wy aan ander sye van die onderwerp (geskiedenis, godsdiens, sedes en gewoontes, ens.) wat hier slegs in die verbygaan, met vermelding van sekere bronne, genoem kan word.

Ook op die gebied van die lied bly daar veel vir die belangstellende oor. So word 'n aantal oorlewerings, waarvan ek die herkoms nie kon vasstel nie, in Bylae B gegee; en word die behandeling van die *Ghomma*-liedjies tot dié beperk waarvan die melodieë tot dusver opgevang is; want soos uit die bespreking van hierdie liedsoort sal blyk, speel die woorde so 'n rol dat 'n afsonderlike opgawe sonder die betrokke melodie onbillik sou wees.

Die doel van hierdie werk is om te toon dat Hollandse en Afrikaanse volksliedere nog onder die Kaapse Maleiers bloei; om sekere ou liederevorms wat aan verdwyn is, te bestendig; om nuwe liedere die lig te laat sien; en in die algemeen, om die aandag te vestig op 'n sy van ons samelewing wat tot dusver maar stiefmoederlik behandel is.

Daar word dus veral ruimte afgestaan aan dié liedere wat gevaar loop om met die ouer geslag te verdwyn, nl. die oorleweringe: Hollands sowel as Afrikaans.

Die melodieë is deur mej. B. Gerstman, van Kaapstad, opgeneem.

Hierdie werk is as proefskrif ter verkryging van die graad Ph.D. van die Universiteit van Kaapstad opgestel; en waar dit onmoontlik is om almal te noem wat my behulpsaam was, wil ek aan my promotor, prof. dr. D. B. Bosman, my dank oorbring vir die leiding wat hy my gegee het.

I. D. DU PLESSIS.

Universiteit,  
Kaapstad.

I: DIE MALEISE SAMELEWING AAN DIE KAAP.

INHOUD.

VERDUIDELIKING VAN DIE TERME ‚MALEIS‘ EN  
‚MALEIER‘ — GESKIEDENIS — TAAL: MALEISE  
RELIKTE; GEBRUIK VAN ARABIES; HOLLANDSE  
RESTANTE; UITSPRAAK — GODSDIENS, SEDES EN  
GEWOONTES — AANKNOPINGSPUNTE TUSSEN  
MALEISE EN AFRIKAANSE KULTUUR: TAAL;  
HUISLIKE LEWE; DIE VOLKSLIED.

„MALEIS' EN „MALEIER': Die Slamse samelewing aan die Kaap bestaan uit heterogene elemente, so vermeng dat 'n rasse-indeling uiters moeilik is: Die Bantu, neger, Hottentot en kleurling aan die een kant, en die Javane, Arabier, Chinees en Ceylonees aan die ander kant, het o.a. tot die vermengingsproses bygedra. Voeg daarby die rol wat die Europeaan gespeel het, dan val dit lig te begryp dat die Kaapse *Moeslims* van vandag, ten spyte van sekere ras-egte trekke, in groot mate van die oorspronklike tipes afwyk.

Hoewel baie van wat onder hierdie afdeling ressorteer, op die Slamse samelewing as geheel van toepassing is, word meer bepaald gemik op daardie deel van die bevolking wat van die Oosterlinge (Javane ens.) afstam en van Maleise afkoms is; want dis hierdie deel wat as slawe in noue aanraking met die Hollandse koloniste gekom het, om daardeur mede-eienaars van die Afrikaanse kultuurbesit te word.

Die Kaapse Maleier is 'n afstammeling van die *Orang Melajoe* (Maleise mense), daardie deel van die bevolking wat vir meer as tweeduisend jaar rigting aan die kultuurlewe van die Riouw-Lingga-Argipel, van die suidelike helfte van die Skiereiland Malakka, en van die ooskus van Sumatra sowel as die weskus van Borneo gegee het.

Om hom van sy geloofsgenote te onderskei, moet ons kortliks op die trekke van die ras-egte Maleier ingaan.

Laasgenoemde is klein (gemiddelde lengte: net oor die vyf voet), met 'n olyfkleurige, soms gelerige vel wat ook ligbruin of kaneelkleurig kan wees, met 'n gesig wat enigszins plat is, hoë wangbene, swart oë wat effens skuins loop, 'n klein neusie, wye neusgate, 'n groot mond, wat egter nie uitstaan nie, hande en voete wat klein en fyn is, dun bene, growwe swart hare wat steil is, met baie yl baard.

Ook in sy temperament kom die Asiatiese oorsprong van die Maleier voor die dag: hy is stil en ingetoë, beleefd, goeheartig teenoor vrouens, kinders en huisdiere; met 'n neiging om langsaam te praat, en om passief en gemaksgtig te wees. Tog kan hy in sekere omstandighede tot 'n staat van raserny vervoer word, waardeur hy alle selfbeheer verloor en *amok* maak. Wee hom wat so 'n *pengamok* (persoon wat *amok* maak) teëkom, want in daardie toestand word alles wat voor kom, neergevel.

Wat liggaamsbou betref, het die Kaapse Maleier in groot mate van die oorspronklike tipe afgewyk, sodat hy gemiddeld groter is, met fyn-besneë gelaatstrekke (dikwels as gevolg van Arabiese en Singalese bloed) wat die bewondering o.a. van Lady Duff-Gordon verwek het<sup>1</sup>).

Dat die Maleise trekke egter nog duidelik waarneembaar is, word bewys deur 'n proefneming in 1934 deur die Antropologiese Afdeling, Universiteit van Kaapstad, op tweehonderd leerlinge van die Rynse Sendingskool (Worcester) gedoen. Twintig persent van die leerlinge het betreklik suiwer Maleise trekke getoon. In verband met hierdie proefneming sê mnr. A. J. H. Goodwin, van bogenoemde Afdeling:

“I make no attempt to account for the large numbers of relatively pure Malays. Various explanations might be suggested. Perhaps the Malay characteristics are dominant in cases of mixture; or perhaps the characteristics of other races tend to resemble the Malay type when mixed. The most likely explanation is that the original slave population of Worcester was predominantly Malay. As this is a fairly late importation, and extra-African in origin, the race may have tended to remain pure, Malays marrying within their groups as a ‘foreign colony’, and tending to avoid mixture.”

Ook in Kaapstad het die Maleier daarin geslaag om sekere trekke te bewaar: op die skoolbanke word die donkerbruin van die Javaanse tipe, en van die Ambonese, nog gesien<sup>2</sup>); maar dis onwaarskynlik dat die persentasie in die hawestad so hoog staan as wat volgens die hierbo aangehaalde proefneming die geval is.

Temperamenteel is daar ook punte van ooreenkoms tussen die oorspronklike tipe en die Kaapse Maleier te bespeur. Laasgenoemde het 'n aansienlike mate van Oosterse terughoudendheid en fatalisme bewaar; en is daar nie 'n verwantskap tussen die ekstase, tydens 'n *Chalifah* verwek, en die mense wat in die Ooste *mata gelap*<sup>3</sup>) word nie?

<sup>1</sup>) Lady Duff-Gordon: *Letters from the Cape* (p. 37).

<sup>2</sup>) Dr. De Langen, van Batavia, is tydens sy besoek aan die Kaap (1933) getref deur die Oosterse tipes wat hy op die skoolbanke gesien het.

<sup>3</sup>) Letterlik: ‘donker oog’; in 'n toestand van raserny. (In teenstelling met *gila*, wat vir ‘gek’, ‘kranksinnig’ gebruik word.)

Vir ons doeleindes, dus, is die benaminge ‚Slams’ en ‚Slamaaier’<sup>4)</sup> te algemeen, en word aan die benaminge ‚Maleis’ en ‚Maleier’ die voorkeur gegee, met dien verstande dat hierdie woorde geen ras-egte Maleiers voorstel nie, maar ’n deel van die Slamse bevolking wat naas egte Maleise trekke ook spore van heelwat rassevermenging dra, sodat o.a. Arabiese, Europese, Bantu- en kleurlingbloed by hulle aanwesig is.

Hierdeur word ’n aansienlike deel van die Kaapse Slamse bevolking uitgeskakel, w.o. die Brits-Indiërs, wat behalwe hul eie tale in die omgang van Engels gebruik maak; en kry ons te doen met die ‚Maleier’, wie se huistaal Afrikaans is, wie se huislike lewe in sekere mate op Hollands-Afrikaanse tradisie berus; en wie se bydrae tot die Afrikaanse liedereskat, veral, hier onder bespreking sal kom.

GESKIEDENIS: Reeds in 1652<sup>5)</sup> is ’n paar Maleiers deur die Hollandse bewind van Batavia na die Kaap vervoer: en in 1658 het daar weer ’n klompie — as vrye dienaars, so word beweer — gekom; maar by hul aankoms is hulle as slawe ingeboek. Deur hierdie handjievul slawe tesame met ’n paar vrye Maleise setlaars, is Mohammedanisme in Suid-Afrika ingevoer.

Die vernaamste banneling uit Java, Sech<sup>6)</sup> Josef, het in 1694 by die Kaap aangekom nadat hy vanaf 1683 dit vir die Hollandse regering in die Ooste moeilik gemaak het om die inlanders onder die duim te hou. Die aandag wat in die Oos-Indiese oorkondes<sup>7)</sup> aan hierdie Maleise hoëpriester gegee word, toon watter mag hy oor sy volgelingen uitgeoefen het.

<sup>4)</sup> In sy oorspronklike betekenis (nl. ‚Slamse Maleier’) sou hierdie benaming vir ons doeleindes geskik gewees het. Dit word nou egter as algemene benaming vir die Kaapse Moeslims gebruik.

<sup>5)</sup> J. S. Mayson: *On the Malays of Cape Town*, p. 7. (*Openbare Biblioteek, Kaapstad*.)

<sup>6)</sup> *Sjaich* (*Sech*) is ’n adellike Arabiese titel, veral aan afstammelingen van Mohammed se *Sahabats* (vriende) toegeken. In die *Dagregister van Batavia* kom die woord in verskeie vorms voor: Cheeg, Schieg, Chiegh, Cheg, Ché, Chee. Die vorm ‚Sech’ kry in Suid-Afrika die voorkeur bo ‚Sjaich’.

<sup>7)</sup> Sien veral die *Dagregister van het Kasteel Batavia*, 10 Februarie 1683, *et seq.*

„En dewyl gesegden paap Cheeg van de Mahnmetaanse inlanderen bij nae als een Godt wert g'eert en gedient, soo wierd niet getwijffelt of de andere . . . zwerfende vlugtelingen souden nu van selfs hun wel komen vernederen“).

Die besonderhede van die stryd wat Sech Josef teen die Hollandse bewind aangeknoop het, is van minder belang as die *Resoluties* wat na sy verbanning en dood in die *Dagregister* voorkom. 'n Versoek om die vroue, kinders, vriende, slawe en slavinne van die oorlede priester uit die Kaap na Makassar oor te stuur, is deur die Hollandse regering van Oos-Indië gunstig oorweeg, altans wat die vroue en dogters betref. Die seuns en vriende moes agterbly. Hierdeur het die Maleiers in Suid-Afrika 'n klompie rasgenote van goeie stand ryker geword: Sech Josef, wat in die Ooste 'n doring in die vlees van die Hollandse owerheid was, is hier 'n heilige wie se nagedagtenis jaarliks by die *Karamat*<sup>9)</sup> op Faure herdink word.

Regeringsdokumente van 1710 in die Kaapse Argiewe gee die name van persone aan wat uit Java (en Ceylon) na die Kaap verban is, waar hulle openbare werke moes help voltooi. Ook in 1725, 1737 en 1749 is Maleiers van aansien as staatsgevangenes uit Java hierheen verban.

Die Maleiers wat na Suid-Afrika gekom het, sorteer onder (a) slawe of (b) politieke ballinge en misdadigers. Van eersgenoemdes was daar voor 1677 heel min<sup>10)</sup>. Selfs tot by 1715 maak hulle minder as 10 persent van die slawebevolking uit. Tussen 1715 en 1767 het die invoer van Oosterse slawe deur skeepsoffisiere egter so toegeneem dat die Raad van Indië die slawehandel verbied het<sup>11)</sup>.

Van meer belang, egter, is die politieke ballinge: nie weens getalsterkte nie (party van hulle het na afloop van hul balling-

<sup>8)</sup> *Dagregister van het Kasteel Batavia*, 24 Desember 1683.

<sup>9)</sup> *Karamat*: 'n Arabiese b.v. nw. wat 'heilig' beteken; maar dit word dikwels op 'n gewyde plek of persoon toegepas.

<sup>10)</sup> Sien dr. D. B. Bosman: *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, p. 59.

<sup>11)</sup> Sien *Realia* (Landsarchief, Batavia): „Den vervoer na en aanbreng van Oostersche manslaven aan Cabo de Goede Hoop by billet op poene van confiscatie verboden“ (28 September 1767).

skap na Nederlands-Indië teruggekeer); maar omdat hulle toonaangewende persone<sup>12)</sup> was en wellig heelwat tot die bestendinging van Maleise karaktertrekke bygedra het<sup>13)</sup>.

TAAL: Die vernaamste strydmiddel egter om die behoud van 'n ongeskonde nasionale identiteit, nl. die Maleise taal, het die afstammeling van slawe sowel as ballinge omstreeks die helfte van die neëntiende eeu verloor — altans as algemene omgangstaal. Volgens Mayson<sup>14)</sup> was Maleis in 1855 nog 'n gesproke taal. Dat dit egter vinnig aan verdwyn was, kan opgemaak word uit die Maleise taalkennis van die oues van dae wat kort na 1850 die lig gesien het: hoewel hulle 'n aansienlike hoeveelheid Maleise relikte gebruik, is Maleis as gesproke taal nie op hulle oorgebring nie. Die enkeles wat vandag Maleis kan praat, is òf Djawi's<sup>15)</sup> òf anders het hulle die taal deur studie hier aangeleer.

Die Maleise woorde wat nog in die Afrikaans van die Kaapse Maleier oorbly, is ook aan verdwyn; en met die heengaan van die ouer geslag belewe ons die verdwyning van Maleise (en Hollandse) restante wat veel daartoe bygedra het om hul taal kleurryk te maak. Die jong Maleier leer, behalwe die landstale, Arabies op skool, en staan sterker onder die invloed van Engels as wat met die vorige geslag die geval was.

MALEISE RELIKTE: Tog is daar sekere Maleise woorde wat hardnekkig aan hul plek in die omgangstaal van die huidige geslag vasklou: In die woordelys<sup>16)</sup> wat H. C. V. Leibbrandt as byvoegsel tot *Die Volksblad* van Julie 1882 in Kaapstad laat

<sup>12)</sup> Die agtiende-eeuse oorkondes van die Landsarchief, Batavia, toon dat die meeste politieke ballinge van hoë afkoms was. Sien ook: *Die Maleise Samelewing aan die Kaap* (*Die Huisgenoot*, 5 April 1935).

<sup>13)</sup> Vir wie verder op die geskiedkundige sy wil ingaan, word die werk van dr. F. de Haan, met sy talryke verwysings na die Kaap aanbeveel. Sien *Priangan* (De Preanger Regentschappen onder het Nederlansch Bestuur tot 1811, Landsarchief, Batavia).

<sup>14)</sup> J. S. Mayson, *On the Malays of Cape Town* (p. 10).

<sup>15)</sup> *Djawi*: eigl. Maleis. Deur die Kaapse Maleiers gebruik om iemand uit die Indiese Argipel geboortig, aan te dui.

<sup>16)</sup> Deur dr. Hesseling in *Het Afrikaans* (Tweede Druk) opgeneem (pp. 69-71).

druk het, word ongeveer 150 woorde opgeneem wat volgens hom almal aan die Kaap bekend was, en waarvan party in die „Kaapsch dialect” burgerreg verkry het. Veertig jaar later kom dr. Hesseling deur middel van dr. J. J. le Roux tot die gevolgtrekking dat baie van hierdie woorde, in 1882, „alle dagen in de stad en omstreken gehoord” (H. C. V. Leibbrandt) reeds verdring is, of anders slegs deur die Maleiers gebruik word<sup>17)</sup>.

Met dr. Hesseling se toepassing van hierdie bevinding het ons dit nie hier te doen nie. Van meer onmiddellike belang is die vraag: Hoeveel van die Maleise woorde wat in die lys van Leibbrandt aangegee word, is vandag by die Kaapse Maleier nog in lewende gebruik?

Na ’n reeks toetse op ’n aantal Maleiers van verskillende leeftyd gedoen, het daar maar min van die oorspronklike lys oorgebly. Die enigste woorde wat nog taamlik algemeen gebruik word, is *atjar* (vrugte in asyn gelê); *bapa* (vader); *doepa* (eigl. wierook; nou vir „toormiddel” gebruik); *goeroe* (meester, onderwyser in die godsdienst); *goreng* (gebak; nog in *katjang goreng* (gebakte grondboontjies) gehoor); *katel* (bed); *katjang* (peulvrug); *mandi* (om te was); *paman* (oom); *pinang* (kerrie-gereg); *piring* (eigl. bord; in S.A. ’n „schoteltje”); *pisang* (soort vrug); *poeasa* (vaste).

In ’n reeks artikels wat in 1930 verskyn het<sup>18)</sup>, word deur dr. J. L. M. Franken op die kwessie van Maleise (en Portugese) relikte aan die Kaap ingegaan. Volgens die skrywer was dit „nie die bedoeling om hier ’n volledige opsomming te gee nie: ons wil alleen aantoon dat Malajoe, een van die tale wat so veelvuldig aan die Kaap gepraat is, nog nie geheel en al verdwyn het nie.”

Dr. Franken gee met sy samevatting van Maleise relikte ’n hegte grondslag om op voort te bou. Veral op die gebied van die visserstaal het sy ondersoek vrug afgewerp.

<sup>17)</sup> Sien *Het Afrikaans*, p. 69.

<sup>18)</sup> Sien *Die Huisgenoot*, 24 Okt. en 7 Nov. 1930: *Maleise en Portugese Relikte aan die Kaap*, deur dr. J. L. M. Franken.

Ook op die gebied van Maleis (en Portugees) tot by 1772 het dr. Franken deur middel van die kriminele prosesstukke lig gewerp<sup>19)</sup>; maar ons wil ons hier bepaal by 'n aanvulling tot die Maleise relikte wat hy gegee het.

Die lys wat hieronder volg, is in die omgang met Maleiers opgestel, en bestaan uit woorde wat òf burgerreg in die Afrikaans van die Kaapse Maleier gekry het<sup>20)</sup> òf nog bekend is, maar nie meer in die omgangstaal gebruik word nie<sup>21)</sup>.

\**Djamman* (*djamban* — gemakshuisie, bestekamer<sup>22)</sup>); \**ghomma* (trom). Omtrent die afleiding van hierdie woord is daar onsekerheid. Volgens mnr. Jaap Kunst, hoof van die Museum van Oosterse musiekinstrumente in Batavia, praat die Javaan soms van 'n *gong* as *ghom* wanneer hy Nederlands gebruik. Sou die Kaapse Maleier sy benaming vir die trom wat hy by die sing van die *ghomma*-liedjies slaan, hiervandaan kry? Die Maleise woord vir 'trom' (*gendong*) help ons nie met die afleiding nie. Eerder moet ons aan die klanknabootsende woord *goem* (vir enige dowwe geluid) as die oorspronklike vorm dink<sup>23)</sup>. Ander woorde wat in daaglikse gebruik gehoor word, is *bingo* (\*bingoeng — deurmekaar); \**doekoem* (*doekoen* — egl. inlandse dokter; dikwels met die bygedagte aan 'n towenaar gebruik); \**kabaja* (lang jak met moue; nie 'n 'loose gown', soos deur Kritzinger en Steyn<sup>24)</sup> aangegee nie). Hoewel hierdie woord (Afr. *kabaai*) nog onder die Maleiers bekend is, word die *kabaja*, ewemin as die \**saroeng* (onderlyfskleed) nou deur hulle gedra. Mnr. A. J. Coetzee het dit mis waar hy in sy lesenswaardige artikel oor „Die Wonderbaarlike Swerftogte van „Kabaai” ” beweer dat die *saroeng* en *kabaai* „tot vandag toe nog die drag is van die Slamaai-

<sup>19)</sup> Sien *Die Huisgenoot* (23 Mei, 20 Junie, 27 Junie, 18 Julie 1930).

<sup>20)</sup> Met 'n sterretjie aangedui.

<sup>21)</sup> Persone soos die Imam Rejalidin Sali (wat Maleis ken) en die *Djawi*'s moes hier buite rekening gelaat word omdat hulle woordeskat nie verteenwoordigend van die gemiddelde Maleier is nie.

<sup>22)</sup> Ook nog onder die Maleiers bekend. Sien *Hollandse Restante*, p. 14.

<sup>23)</sup> In een van die *ghomma*-liedjies kom die vorm *goema* voor. 'n Moontlike afleiding is *ingoma* (Bantoe vir 'trom'), deur Masbeker-slawe op die Maleiers oorgebring. Die Maleise *gamelan* is vroeër ook *ghomghom*spel genoem. Sien Prick van Wely: *Viertalig aanvullend Hulpwoordenboek*. (Derde Druk, p. 314.)

<sup>24)</sup> Kritzinger en Steyn: *Woordeboek* (Tweede Druk), p. 231.

meide," hier in die Boland<sup>25</sup>). \**Poeasa* (*poewasa* — die Mohammedaanse vaste gedurende *Ramadan*, die 9de maand van die Mohammedaanse jaar) is ook in algemene gebruik. So ook *doepa* (medisyne, toorgoed). Eintlik beteken *doepa* ‚wierook‘ (vgl. *perdoepaän* — wierookvat); maar in daardie sin is dit nie hier bekend nie. \**Patapa* (*bertapa*) wat eintlik ‚boetedoening‘ is, word aan die Kaap in ’n spesiale sin gebruik: iemand wat gaan ‚kerkhof ry‘, gaan daarheen om te *patapa*, d.w.s. om sy siel te gee aan die *Djin* (in hierdie geval — bese gees) in ruil vir ’n sekere mag oor sy vyand.

Sou die benaming \**Ollanda* (Hollander) vanself hier ontstaan het, of is dit oorgebring uit Java (waar dit, tesame met *Belanda* en *Welanda* gangbaar is)? \**Lcharan* (fees by die end van die *Pocwasa*, op die 1ste van die 10de Mohammedaanse maand gehou) is seker uit Java hierheen oorgebring, want hierdie Javaanse benaming vir die feestyd word net in dié twee lande gebruik. \**Maroe* (mede-eggenoot of -eggenote) word aan die Kaap werkwoordelik gebruik. Iemand wat *maroe* neem ’n tweede vrou. *Koerang* het by die Maleier, soos by die Afrikaner, sy oorspronklike betekenis van ‚ontoereikend‘, ‚minder‘ verloor en die benaming vir ’n bewuste kullery geword. \**Moesla* (*masalla* — bidmat) en \**tonka* (*tongkat* — stok) is albei in gebruik, laasgenoemde in die meer beperkte sin van ’n ‚priesterstok‘. *Slenning* (*selendang*, ’n lang doek, met aanmekaar genaaide punte, wat oor die skouer en onder die arm deur gedra word) is in Java nog algemeen, maar aan die Kaap in baie beperkte kring bekend. Blykbaar het dit nog voor die *saroeng* en *kabaja* as kledingstuk in onbruik geraak.

Die ou Maleiers ken nog die kwispedor, en gebruik die Hollandse benaming sowel as *tamphura* of *tamphula* (*tempat loedah* — plek vir die speksel). *Sama-sama* word nog in die sin van ‚ook so‘ gehoor. As ’n gas die huis uitgaan, kan hy b.v. *salamat tidoer* (lekker slaap) sê; waarop die gasheer — as hy van die ouer geslag is — soms antwoord: ‚*Terima kasih. Sama-sama*‘. *Mata gelap* (rasend) is hier onbekend, maar *gelap iman* (gek; egl. ‚donker van geloof‘) word soms nog gehoor. *Tambah*

<sup>25</sup>) Sien *Die Vaderland*, 1 Desember 1933.

(byvoegsel, vermeerdering) kry ons as werkwoord in die uitdrukking: „Moenie *tampat goeroef* nie (*hoeroef*<sup>26</sup>) — Ar. vir letters); dus ‚moenie letters byvoeg nie’.”

\**Lungo* word nog algemeen as benaming vir die Javaanse dans gebruik, terwyl *pantu* as sinoniem van *Lungo* voorkom en (as dit van *pantoen* (gedig) afkomstig is) sy oorspronklike betekenis heeltemal verloor het. *Sambar* (eigl. iets in snellê vaart opneem, gryp, roof) kom nou in min of meer dieselfde sin as *bingo* — met die bygedagte aan ’n bose invloed — voor. „As jy *sambar* is, dan het die kwaai *Win* (*Djin?*) jou geraak’ was die verklaring wat ’n ou Maleier van hierdie woord gegee het. *Tabik* (*Tabé*) is die algemene vorm van begroeting (naas die Arabiese *salam alaikoem*). *Rammie* (*ramé, ramai* — vrolik) het sy oorspronklike betekenis behou. *Maninggal* (*meninggal*: om te sterwe) kry ’n diëtse voorvoegsel in: ‚hy het gemaninggal’ (is oorlede). *Kanaldorp* het volgens die Maleiers sy ontstaan te danke aan die feit dat almal mekaar by die bou daarvan gehelp het. Dit was dus *kenallah*-werk (*kenallah* — asseblief).

Met hierdie lys as byvoegsel tot dié deur dr. Franken opgestel, is die Maleise relikte nog nie uitgeput nie; en vir die taalkundige lê hier ’n groot veld braak.

Moontlik geld dit in nog groter mate vir die gebruik van Arabies. Vir die Afrikaanse taalgeleerde met ’n kennis van Arabies sou dit die moeite werd wees om na te gaan in hoeverre hierdie taal alreeds sy stempel op Maleis-Afrikaans afgedruk het, want in teenstelling met Maleis, wat vinnig aan verdwyn is, neem Arabies as taal van die godsdiens en een van die vakke op skool, vinnig toe. Die ouer Maleier wat slegs deur godsdiens-oefening sekere Arabiese woorde en formules magtig geword het, spog met sy seun se meer uitgebreide kennis van dié taal, wat vermoedelik ’n belangrike rol in die Maleis-Afrikaans van die toekoms gaan speel.

---

<sup>26</sup>) Hierdie Arabiese *h* (daar is drie) word as ’n *g* uitgespreek. Die algemeen gebruiklike *Gamat*, *Gamatjie* vir ’n Slamaaier is dus waarskynlik ’n afleiding van *Mohammed*. Vgl. dr. J. L. M. Franken: *Maleise en Portugese Relikte aan die Kaap*. (*Die Huisgenoot*, 24 Oktober 1930.)

GEBRUIK VAN ARABIES: As aanduiding van wat op hierdie gebied voor die hand lê, word die volgende woorde uit die omgangstaal van die Maleier gegee: *salam* (vrede, heil) word saam met *alaikoem* as gewone begroetingsformulier gebruik: *salam alaikoem!* (vrede sy met u!); wat met *wa alaikoem salam!* (en met u sy vrede!) beantwoord word. So ook word *salamat* (heil, voorspoed, gesondheid) in samestelling met Maleise woorde gebruik: *salamat tidoer* (lekker slaap); *salamat djalan* (goeie reis). In laasgenoemde geval neem die betrokke reisiger se bedanking die vorm: *salamat tinggal* (goeie verblyf) aan. *Bismillah* (in die naam van Allah) word gesê voor iets genuttig word. *Doenia* (wêreld) en *Achirat* (die hiernamaals) en die samestelling *doenia-achirat* (die hede en die hiernamaals) is in algemene gebruik; terwyl *Chalifah* of *Kalipah* hier die bastervorm *Kalifah* aangeneem het, en nie soseer die hooffiguur (kalief) aandui nie as die funksie self. Die Maleier praat ook van *do'a* en *salat* (en nie van gebed nie) wanneer hy hierdie begrip in die omgang wil aandui. *Chabar* (berig) word soms gehoor in die samestelling *apa chabar?* (Hoe gaan dit? Watter nuus is daar?), waarop geantwoord word: *Chabar baik* (dit gaan goed). Ook *kitab* (boek) is naas die Afrikaanse woord in algemene gebruik. *Djikir* (*dzikir* — lofsang op God) word gebruik om die godsdienstige van die wêreldlike lied te onderskei; en *Masjid* is die algemene benaming vir moskee. *Abdullah* (slaaf van God) is 'n gewilde naam onder die Maleiers. *Hadji* (bedevaartganger, pelgrim na Mekka) is in algemene gebruik; asook *talak* (egskeiding); *iddah* (periode van 100 dae waarin 'n vrou na eggskeiding, of die dood van haar gemaal, nie mag trou nie); *salawat* (gebede vir 'n dooie) en *Sech* (persoon van aansien). *Wakil* (eigl. „gevolmagtigde agent”, word in die sin van „opsiener” (by 'n begrafnis) gebruik.

HOLLANDSE RESTANTE: Spore van die Maleier se aanraking met die Hollands-Afrikaanse kolonis word nog in Maleis-Afrikaans aangetref. Onder die ouer geslag is die woord *bestekamer* (naas *djamman*) goed bekend; en terwyl die Maleise *perapian* reeds verdwyn het, weet die oues van dae nog wat 'n *komfoor* is. Die *kuispedoor* word ook nog hier en daar aangetref. *Skemlied* is die algemene benaming vir liedere van verdagte inhoud. Sou die woord van „schuin”, „schaam” of „schimp”

afkomstig wees? Volgens die manier waarop die lied aangewend word, lyk dit of ‚schimplied’ die waarskynlikste bronvorm is<sup>27)</sup>. *Faam maak* word in die sin van ‚kundig word’ (b.v. deur die aanleer van ’n lied) gebruik. Iemand gaan ’n lied by sy leermeester *faam maak*. *Kundig maak* word ook in hierdie sin gebruik.

In *lyfstuk* kry ons ’n erfenis uit die Nederlandse taalskat. As iemand wil aandui dat hy besonder gesteld is op ’n lied, dan sê hy: ‚Daardie lied is ’n lyfstuk van my’. Volgens Van Dale is ‚lijfstukje’ nog in Nederlands bekend as benaming vir ’n ‚geliefkoosd liedje’.

Verder word woorde soos *verkwansel*, *laksman*, *zulle* (vir ‚hulle’), *boender* en *wimpel* gehoor. Hoeveel kleurlinge sou, soos die Maleiers, laasgenoemde woord vir ‚pennant’ gebruik? *Baker* kom in die sin van ‚vertroetel’ voor; b.v. ’n mens ‚baker’ jou keel as jy gedurig ’n serp daarom draai. *Broodvader* (vir ‚pleegvader’) is algemeen bekend, maar kan nie as ’n Hollandse restant beskou word nie.

UITSPRAAK: Uit bowestaande blyk dat Maleis-Afrikaans ’n stempel het wat dit van ‚Koelie-Afrikaans’, ‚Kaffer-Afrikaans’ en ‚Kleurling-Afrikaans’ onderskei, sodat dit as ’n aparte entiteit moet beskou word; want hoewel dit in sekere opsigte met Kleurling-Afrikaans ooreenkom, is daar ’n verskil wat woorde-skat, en in party gevalle uitspraak, betref:

Die uitspraak van die ouer geslag, veral, dra spore van Hollandse invloed: *ou* vir *o*, b.v. *bouter* vir *boter*; *-ske* vir *-sche*, b.v. *friske* vir *frissche*; *mellek* vir *melk*<sup>28)</sup>.

’n Mens sou in laasgenoemde geval aan Maleise invloed kon dink, want ook die Javanees voeg ’n *e* tussen twee medeklinkers (b.v. „setok” vir „stok”) omdat in Maleis twee medeklinkers, wat langs mekaar staan, nie as afsonderlike klanke uitgespreek word nie; maar die feit dat die Kaapse Maleier dit gewoonlik

<sup>27)</sup> Sulke ‚skemliedjies’ word gebruik om iemand te tart. (Vgl. p. 66.) ’n Moontlike afleiding *schendlied* (vgl. *schendbrief*, *schendtaal*) word deur dr. M. Bokhorst aan die hand gegee.

<sup>28)</sup> Hierdie uitspraak word veral in die liedere gehoor.

alleen in die geval van liedere-woorde doen, en nie in sy omgangstaal nie, dui eerder aan dat ons hier met die Hollandse volkstong van die 18de eeu te doen het. Van Maleise invloed kan daar egter sprake wees in die neiging om 'n eind-medeklinker te laat wegval: *to vir tot* (vgl. *doedoe sini vir doedoek sini*)<sup>29</sup>).

Met die kleurling het die Maleier die uitspraak van die volgende gemeen:

*a vir e* (*gasien vir gesien; parmantag vir parmantig*); *oe vir oo* (*boem vir boom*); *ie vir ee* (*wiet vir weet*); *i vir eu* (*jik vir jeuk*); *oei vir ooi* (*moei vir mooi*). Hierdie afwykings kom egter nie konsekwent voor nie. In die liedere word *e* soms deur *oo* vervang (*voordriet vir verdriet*), en *ee* deur *ij* (*gijn vir geen*); ook *e* deur *ij* (*gijbracht vir gebracht*).

In die algemeen staan die Maleier se uitspraak van Afrikaans nader aan die standaard-vorms as wat met die kleurling die geval is, wat te verklaar is uit eersgenoemde se noue aanraking met die Hollandse bevolking, en sy beoefening van Afrikaans as omgangstaal, in teenstelling met die kleurling, wat in baie gevalle die verengelsingproses in die stad gewilliglik ondergaan het.

**GODSDIENS:** Ten spyte van afgesonderdheid en rassevermenging het die Kaapse Maleier die leer van Mohammed in 'n suiwer vorm behou. As ons sy geloofsvoorskrifte aan dié van Mohammed toets, dan vind ons dat hulle in geen enkele belangrike opsig daarvan afwyk nie; en dis grotendeels aan hierdie voorskrifte dat die Maleier sy kulturele verheffing bo die kleurling te danke het.

Omdat die bedoeling egter nie is om hier 'n kultuur-historiese behandeling van die onderwerp as geheel te gee nie, maar om slegs aan te dui watter ryk stof daar nog op verskillende gebiede voor die hand lê, wil ek, met verwysing na wat elders<sup>30</sup>) deur my oor die Maleier se godsdienste, sedes en gewoontes gesê is, tot 'n bespreking van aanknopingspunte tussen die Maleise en Afrikaanse kultuur oorgaan.

<sup>29</sup>) Maleis vir: 'Sit hier'.

<sup>30</sup>) Sien *Ramadan* (*Die Huisgenoot*, 23 Nov. 1934) en *Die Maleise Samelewing aan die Kaap* (*Die Huisgenoot*, 19 April 1935).

AANKNOPINGSPUNTE: Wat taal betref, het Maleis reeds ten gunste van Afrikaans die veld ontruim, sodat ons hier 'n kragtige skakel tussen die twee seksies van die samelewing kry. Die Maleise taal het egter nie uitgesteier sonder om sy stempel op Algemeen-Afrikaans sowel as die Afrikaans van die Maleier af te druk nie. Maleise woorde is van tyd tot tyd in die Afrikaans van die blanke opgeneem, en die vasstelling van die aantal woorde wat regstreeks aan Maleis ontleen is, bied 'n arbeidsveld aan wat reeds deur verskeie taalkundiges intensief bewerk is<sup>31</sup>).

Watter woorde het die koloniste hier aan die Kaap vermoedelik regstreeks aan die Maleise taal ontleen?

Dr. D. C. Hesseling meen dat Afrikaans heelwat Indiese (waaronder 'n groot aantal Maleise) woorde bevat wat regstreeks uit Nederlands-Indië hierheen oorgeplant is. Hierteenoor staan die mening van dr. D. B. Bosman en dr. S. P. E. Boshoff dat 'n groot aantal Indiese woorde wat in Afrikaans teruggevind word, deur die Nederlands van die 17e eeu aan Afrikaans oorhandig kan wees (dr. Bosman) of oorhandig is (dr. Boshoff) en dus as erfgoed kan beskou word. Gaan ons van laasgenoemde standpunte uit, dan moet woorde soos *atjar*, *baadjie*, *baar*, *baljaar*, *bamboes* en baie ander as indirekte ontleninge beskou word en kan hulle nie as aanduiding van Maleis-Portugese invloed op Afrikaans aanvaar word nie. Volgens dr. Bosman kom die aantal Maleise woorde, wat regstreeks tot Afrikaans deurgedring het, op die volgende neer:

*Baie, bredie, doerias, karba, maskie, paljas, ramkie, sammejoa, tamaai, tasal, tjalie, en tronk*<sup>32</sup>).

---

<sup>31</sup>) Sien Hesseling, D. C.: *Het Afrikaans* (p. 69 et seq.); Bosman, D. B.: *Oor die Ontstaan van Afrikaans* (p. 71 et seq.); Du Toit, P. J.: *Afrikaanse Studies*; Mansvelt, N.: *Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon*; Le Roux, J. J.: *Handleiding in het Afrikaans* (pp. 72-74); Schonken, F.: *De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Overleveringen* (p. 160 et seq.); Von Wielligh, G. R.: *Ons Geselstaal* (*Die Huisgenoot*, Feb. 1921); Smith, J. J.: *Aantekeninge by Ons Geselstaal* (*Die Huisgenoot*, Feb. 1921); Franken, J. L. M.: *Maleise en Portugese Relikie aan die Kaap* (*Die Huisgenoot*, 14 Nov. 1930); Boshoff, S. P. E.: *Volk en Taal van Suid-Afrika*.

<sup>32</sup>) *Sou Tiga* (drie) nie die bronvorm van *tiekie* wees nie? (vgl. Boshoff: *Volk en Taal van Suid-Afrika*, p. 395).

Ons beweeg hier egter op 'n uiters moeilike terrein<sup>33</sup>): Dis wel moontlik dat al die Indiese woorde wat voor 1652 in Nederlands voorkom, uit laasgenoemde taal tot Afrikaans deurgedring het; maar vaste bewys is daar nie. Die omstandighede hier aan die Kaap in aanmerking geneem, lyk dit waarskynlik dat 'n Indiese woord wat in die Nederlands van voor 1652 voorkom, en later in Afrikaans opduik, uit die moedertaal hierheen oorgebring is; maar dis ook moontlik dat dieselfde woord regstreeks uit die Ooste hier aangeland het, of — wat die saak nog moeiliker maak — langs die twee weë, en min of meer tegelykertyd in die taal van die koloniste opgeduik het.

Die enigste woorde, dus, waaromtrent daar 'n taamlieke mate van sekerheid kan wees, is dié wat in Afrikaans voorkom, en in Nederlands onbekend is. Hier, egter, is daar weer die moontlikheid dat hulle wel in Nederlands bekend was.

Ons kan dus sê dat Afrikaans blykbaar 'n geringe aantal Indiese woorde regstreeks uit die Ooste oorgeërf het; maar dat hierdie aantal as gevolg van toekomstige ondersoek uitgebrei of verminder mag word.

HUISLIKE LEWE: Ook op die gebied van die huislike lewe het wedersydse beïnvloeding plaasgevind: In die Maleise buurt kry ons nog ou beddens<sup>34</sup>), soos dié deur die Hollandse koloniste gebruik; party met die hemel daarop, en met fraai versierde kussingslope en spierwit spreie oorgetrek; wasblomme (gewoonlik onder 'n glasskut gesmoor) soos dikwels nog in Afrikaanse voorkamers pryk, word ook in baie Maleise huise aangetref; pannekoek, oblietjies, patatkoekies, poffertjies, melktert en gesuikerde vrugte tel onder die geliefde geregte van die Maleier; terwyl die Afrikaner op sy beurt *atjar*, *blatjang*, *bredie*, *kerrie*, *osatie* en *bobotie* ens. as Maleise bydraes tot sy kossoorte moet

---

<sup>33</sup>) Rekening moet o.a. gehou word met die verskil tussen die algemeen gangbare Nederlands in die 17e eeu, en die seemanstaal.

<sup>34</sup>) In Java word aan die bed, as iets wat met die drie groot lewensgebeurtenisse (geboorte, huwelik en dood) gepaard gaan, 'n ereplek in die huis toegeken. In die geval van die adel word die huwelik voltrek in die kamer waar die familiebed en heilige wapens bewaar word. Dis moontlik dat die Maleise verering van die familiebed in S.A. hieraan toegeskrywe moet word.

erken. Volgens Schonken<sup>35</sup>) is *mebos* in alle waarskynlikheid ook aan dieselfde bron ontleen<sup>36</sup>).

Tesame met sy godsdienst het die Maleier se aanraking met die Hollands-Afrikaanse kolonis seker iets te doen met die sindelikhed, sowel op sy persoon as in sy huis, wat hom bo die kleurling laat uitstaan.

**VOLKSLIED:** Die vernaamste aanknopingspunt tussen die Maleier en die Afrikaner moet egter in die Afrikaanse volkslied gesoek word.

Hoe die Maleier deur middel van die volkslied by die Afrikaner aansluit, sal in die volgende afdelings behandel word. Genoeg om hier te sê dat die Maleier, deur aanname van die Afrikaanse taal en lied, hom onbewus by die geleedere van die Afrikaanse kultuurdraers geskaar het. Hoewel hy die woord ‚kultuur’ nie ken nie, staan hy, wat beoefening van die lied betref, kultureel hoër as die Afrikaner; terwyl laasgenoemde in sy oordrewe gevoeligheid vir kleur, blind is vir die feit dat ’n natuurlike stut onder sy voete weggeslaan word.

Hoe is dit met die medium-kwessie op die *Moeslim-skole*<sup>37</sup>) gesteld? Die jong Maleier praat tuis wel Afrikaans, maar kom al vinniger onder die indruk dat Engels vir alle ‚deftige’ doeleindes aangewend moet word.

Aanmoediging van die Maleise sangers — deur hulle, by voorbeeld, voor ’n Europese gehoor te laat optree — hoef tot geen skending van die kleurslagboom te lei nie; en die oorname van oorlewerings, op die oomblik slegs deur die Maleiers gesing, sou help om ons skamele liedereskat te verryk. Dit spreek vanself dat veral daardie liedere uitgekies moet word wat die Maleier vir ons bewaar het; dus die deftiger Hollandse volksliedere

<sup>35</sup>) *De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen* (pp. 160-161).

<sup>36</sup>) Sien egter C. J. van Rijn: *Het Nauwe verband tussen het Afrikaans en het Hollands* (p. 38) waar ’n afleiding uit die Japanse *u-meboshi* aan die hand gegee word.

<sup>37</sup>) Daar is 11 *Moeslim-skole* in die Kaapprovinsie, waarvan 7 in die Skiereiland. Volgens die onderwysstatistiek was daar gedurende die vierde kwartaal van 1932, 1,737 leerlinge in die Skiereilandse skole.

wat tog ons erfgoed is; en dat die *ghomma*-liedjies, wat essensieel 'n uitvloeisel en aanduiding van die Maleise beskawingspeil op die oomblik is, in sommige gevalle as aanvulling van ons piekniekliedjies kan aanvaar word; maar dat hulle origens as vrugbare grond vir die opbloeï van liedere van 'n hoër gehalte onder die Maleiers moet beskou word.

Ons moet *sing*. Die egte volkslied — ek bedoel algemene liedere, nie 'n spesifieke nasionale lied nie — het nog nooit deur praterij ontstaan nie. Eers as ons sover kom dat sang 'n behoefte word, sal die eerste pèrelende note van sulke liedere uit die volkskeel opborrel.

## II: DIE VOLKSLIED EN DIE SANGVERENIGINGS.

„De Volkszanger, de straatzanger, is geboren en getogen uit de z.g.n. lagere volksklasse, hij is de ridder van de groote weg, met even weinig beschaving en ontwikkeling toebedeeld als de schare welke hij zijn liederen laat horen. Die liederen zijn nieuwstijdingen, of dienen tot ontspanning, tot opwekken der jolijt bij hoogtijden als kermissen en volksfeesten.

Die straatzanger had het talent, de zangersvonk tot rijmen en fabuleeren, ten eigen baat en tot aller stichting en vermaak: minneliedereren, kermiszangen, drinkversjes, moralisaties; over gebeurtenissen des dagelijkschen levens van rijken en armen, rampen; zelfs godsdienstige zangen en lange rijmen met groote verhalen van liefde, trouw en dood: romancen en balladen. En alles volkspoëzie, eenvoudig van beeld en rythme: gezongen op melodieën die het licht geraakte gemoed van den eenvoudige van zin troffen.”

*Het Straatlied* (p. 9): D. Wouters en J. Moormann.

INHOUD.

- (a) DIE VOLKSLIED IN DIE ALGEMEEN — IN HOLLAND — VERDWYNING ONDER DIE AFRIKANERS — BEHOUD VAN DIE VOLKSLIED DEUR DIE MALEIERS.
- (b) DIE SANGVERENIGINGS — WYSE VAN OPTREDE — DIE SANGERS — OORSPRONG VAN VERENIGINGS — INDELING VAN KAAPSTAD — AARD VAN LIEDERE EN MANIER VAN SING.

(a) DIE VOLKSLIED.

Die lied<sup>1)</sup> word vandag algemeen as die grondvorm van alle liriese digsoorte aangeneem. Jespersen het in die gemoeds-uiting van die lied nie net die begin van alle poësie gesien nie, maar ook vermoed dat die oorsprong van menslike taal daarin gesoek moet word.

Hoe het hierdie oervorm van die poësie ontstaan? Van die verskillende teorieë wat hieroor gaan, is die van Bücher<sup>2)</sup> die treffendste. Hy soek nl. die oorsprong van alle poësie in die ritmiese beweging van die arbeid. By gemeenskaplike arbeid word dikwels van klanke gebruik gemaak om die taak te verlig, en hieruit word arbeidsliedjies gebore.

Die fisiese verklaring van sang as uiting van ons gemoedslewe, en die verband tussen melodie en woorde, word ook deur Kalf<sup>3)</sup> bespreek.

Dis ons hier egter om 'n bepaalde liederesoort, nl. die Volkslied, te doen; en met hierdie digvorm word nie die nasionale himnes bedoel wat by spesifieke geleenthede gesing word nie, maar die lied in breëre sin as mondstuk van die volk se gemoedsaandoeninge: die lied deur een of ander digter gemaak wat so

---

<sup>1)</sup> Van die uitgebreide literatuur oor die lied in die algemeen en die Volkslied in die besonder word hier die volgende genoem:—

Kalf (G.), *Het Lied in de Middeleeuwen*. Leiden. 1883.

Wirth (H. F.), *Der Untergang des Niederländischen Volksliedes*. 's Gravenh. 1911.

Van Duyse (Fl.), *Het Oude Nederlandsche Lied* (3 Dele).

Vankenhove (R.) en Lepage (A.), *Het Volksleven in het Straatlied*. Gent. 1932.

Wouters (O.) en Moorman (G.), *Het Straatlied*. Amsterdam. 1933. Deel II, 1934.

Vir meer onmiddellike doeleindes:—

Du Toit (S. J.), *Suid-Afrikaanse Volkspoësie*. Amsterdam. 1924.

Groenewald (C. F.), *Rympies en Raaisels*. Den Haag. 1919.

Schonken (F. T.), *De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Overleveringen*. Amsterdam. 1914.

Boshoff (S. P. E.), *Afrikaanse Minneliedjies*. 1921.

Du Plessis (L. J.), *Afrikaanse Volksliedjies* (Piekniek liedjies). 1918.

<sup>2)</sup> Karl Bücher: *Arbeit und Rhythmus*.

<sup>3)</sup> G. Kalf: *Het Lied in de Middeleeuwen*, p. 25 et seq.

saam met sy volk geleaf het dat hy hulle gevoelens suiwer kon vertolk. Waar die digter onbekend is, word die lied soms as gemeenskaplike produk van die volk bestempel: iets wat dus by 'n volksgeleentheid as gesamentlike uiting ontstaan het<sup>4</sup>).

Ons twyfel daaraan of enige lied op laasgenoemde manier gebore is. In die tyd van die Romantiek is wel aangeneem dat dit kon gebeur; maar in die laaste instansie moet so 'n lied se wording aan 'n enkeling, bekend of anoniem, toegeskrywe word<sup>5</sup>). Weliswaar kan by 'n volksgeleentheid aanvulling geskied<sup>6</sup>).

Hierdie aanvullingsproses is by ons in Suid-Afrika in die talryke variante op ons pieknieklidjies te vind; en by die Maleiers, in die *Ghomma*-lidjies: in die opgewondenheid en luidrugtige vrolikheid van die piekniek word deur 'n vindingryke sanger iets by die oorspronklike teks gevoeg: dit word onmiddellik deur sy maats aanvaar — en 'n nuwe variant op die lied is gebore; maar die lied as sulks bly die skepping van 'n enkeling wat sulke „onpersoonlike” kuns gelewer het dat dit die gevoelens van die volk as geheel vertolk.

Wat die eienskappe van die volkslied betref, kry ons, soos te verwagte is, 'n behandeling van dié gebeurtenisse wat die volk die naaste aan die hart lê: Die liefde speel die hoofrol; droewige geskiedenis van trou en dood word afgesing; drinkliedjies moet by feestelike geleenthede opklink; en moralisasies sowel as liedere van verdagte inhoud val in die smaak.

IN HOLLAND: Dit spreek vanself dat die volkslied sal bloei of kwyn na gelang van die volksomstandighede waaraan dit verbonde is. Dat die Nederlandse Volkslied reeds in die 17e eeu tekens van verval getoon het, word deur H. F. Wirth<sup>7</sup>) op afdoende wyse getoon. Hooffaktor was die aard van die land, wat veeteelt i.p.v. akkerbou bevorder het<sup>8</sup>) en gevolglik tot

<sup>4</sup>) Boshoff en Du Plessis: *Pieknieklidjies*, p. 14.

<sup>5</sup>) G. Kalf: *Het Lied in de Middeleeuwen*, pp. 37-38; en Vankenhove en Lepage: *Het Volksleven in het Straatlied* (Voorwoord).

<sup>6</sup>) Vankenhove en Lepage: *Het Volksleven in het Straatlied*, p. 2.

<sup>7</sup>) H. F. Wirth: *Der Untergang des Niederländischen Volksliedes*.

<sup>8</sup>) J. S. du Toit: *Suid-Afrikaanse Volkspoësie*, pp. 298, 299. C. F. Groenewald: *Rympies en Raaisels*, pp. 6, 7.

isolering van die bevolking gelei het. Die toenemende invloed van die stede het internasionale strominge meegebring wat die nasionale kultuur nie tot voordeel was nie — strominge wat sterk genoeg was om die volkslied se groeikrag te verstomp. In Suid-Nederland, daarenteen, het die landbou 'n sterk landelike element vereis, waardeur die nasionale erfgoed in hierdie streek bewaar en uitgebrei is. Ook die opbloeï van die Calvinisme het die volkslied skade berokken: die onbeteuelde genietinge van die lewe wat in die volkslied besing word, kan nie deur die asketiese leerstellings van die Kalvinis geduld word nie, en die bestryding van die dans het 'n groot aantal liedere die nekslag toegedien. Voeg hierby die invloed van die Rederykery, wat met sy onnatuurlikheid en opgeblasenheid reëlreg teen die egte volksang ingedruis het, en dis maklik te begryp dat Holland nie 'n besonder groot liedereskat besit het toe die volksplanting hier aan die Kaap plaasgevind het nie.

VERDWYNING IN S.A.: Wat die aantal liedere betref, deur die koloniste na die Kaap oorgebring, moet rekening gehou word met die feit dat die indiwidu maar op 'n klein gedeeltetjie van die kultuurbesit waaroor sy volk beskik, as persoonlike eiendom aanspraak kan maak. Waar in die loop van eeue 'n paar duisend mense dus oorgeplant word, moet 'n groot deel van hul liedere, verhale ens. in die vaderland agterbly. As daardie oorspronklike liedereskat — soos hierbo aangedui — dus nie besonder groot was nie, dan kan begryp word dat betreklik min liedere die nuwe land bereik het.

Suid-Afrika het dus min van die reeds verdwynende Hollandse liedere geërf; en tog was die voorraad groter as wat 'n mens in die omstandighede sou verwag, altans wat Kaapstad betref; want onder die Maleiers is nog tal van oorlewerings te vind wat òf nooit tot die binneland deurgedring het nie, òf op die vlaktes soek geraak het.

Die toestande was nie gunstig vir die behoud van die liedereskat in die nuwe land nie. Die feit dat die Afrikaners in die binneland 'n swerwende bestaan gevoer het, en gedurig met die ruwe werklikheid van die pionierslewe rekening moes hou, kan seker nie as afdoende rede vir die verlies van hul liedereskat aangevoer word nie; en selfs al het party van die ou liedere

verlore gegaan, was daar immers om die kampvuur die geleentheid om nuwe vorms te laat ontstaan.

Eerder moet die toename, onder Calvinistiese invloed, van gewyde musiek as 'n rede aangegee word; ook die opkoms van Afrikaans het die Nederlandse lied 'n slag toegedien; maar die afgesonderdheid van die Afrikaner is in alle waarskynlikheid die vernaamste oorsaak van hierdie verlies: sonder die geleentheid tot gesellige verkeer moet die volksdans — en gevolglik die volkslied — uit die aard van die saak verdwyn; en die onmoontlikheid om gereeld bymekaar te kom, het die Afrikaner ongetwyfeld van baie van sy kosbaarste besittings op die gebied van die volkslied berowe.

In Kaapstad was net die teenoorgestelde die geval. Die gesellige verkeer is bevorder deur gedurige aanraking met vrolike matrose<sup>9)</sup> wat na die lang reis aan wal gestap het om fees te vier. In die 19e eeu is daar baie in Kaapstad gedans, veral onder die kleurling-bevolking<sup>10)</sup>. Nuwe liedere is telkens deur aanraking met die matrose ingevoer, en die oues het nie veel gevaar geloop om verlore te gaan nie; want hoe meer primitief 'n volk is, hoe hewiger brand die begeerte in hom om sy gemoed deur middel van die lied te lug; en die Maleier, met sy eenvoudige leefwyse, vind in sy sangvereniging 'n uitingsmiddel wat vir hom baie beteken, en waarvoor hy veel sal opoffer.

<sup>9)</sup> Die Maleiers het selfs na die *régime* van die Oos-Indiese Kompanjie (tot die opening van die Suez-Kanaal) met Hollandse matrose in aanraking gekom.

<sup>10)</sup> Sien *The Cape in 1822* (Wilberforce Bird?): „Besides these rainbow dances there are others . . . to which the black population rush, on a Sunday . . . The Sunday dance is accompanied by music of every description. The slave boys from Madagascar and Mosambique bring the stringed instruments of their respective tribes and nation” (p. 166).

(b) DIE SANGVERENIGINGS.

Met Kersfees en Nuwejaar vier die kleurling-bevolking van Kaapstad karnaval; en vir die besoeker is dit 'n aardigheid om te sien hoe die sangbendes, in veelkleurige gewaad en met musiekbegeleiding, onder aanvoering van seremoniemeesters wat allerlei fratse uithaal, in optog deur die strate gaan:

„Elke klops<sup>1)</sup> heeft zijn eigen uniform kostuum, sommige lichtblauw, andere lichtgroen, met hoeden of mutsjes, wambuizen en hozen, enigzins zoals de pages oudtijds droegen . . . Een groot deel van de klops heeft snaarinstrumenten, en zo trekt men rond door de stad op de maat der muziek, gewoonlik in twee rijen met seremoniemeesters, die in het midden lopen en allerlei malle kunsten maken<sup>2)</sup>).

Die Hollandse troepe moet nie met die „coons” of Engelse verenigings verwar word nie. Laasgenoemdes neem aan die optogte deel, kom vir beoordeling van dans en kostuum aan die begin van die jaar op die Groenpuntse dorpsgrond bymekaar, en sing veral „Jazz”-liedjies, ingevoer of self gemaak.

In teenstelling hiermee lê die Hollandse troepe gedurende die karnavaltyd gewoonlik besoek af by die huise van ou vriende, om by elkeen 'n tien- of twaalfstal liedere te sing<sup>3)</sup>). Hulle *repertoire* bestaan uit Hollandse en Afrikaanse liedere wat gedurende die loop van die jaar onder leierskap van die „Lokomotief<sup>4)</sup>” en sy „Klok<sup>5)</sup>” aangeleer word:

„Het gehele jaar oefenen zij zich. Ze zingen en oefenen zich op 't gehoor, dus zonder muziek. De ouderen kennen al de liederen van vroeger; de jongeren zingen ze mee en leren de woorden thuis. De eigenlike melodie van elk lied wordt gezongen door de Voorzinger . . . Het koor met de instrumenten — banjo's, gitaars en bas — herhaaldt in zware akkoorden drie- of vierstemmig zekere regels en het refrein<sup>6)</sup>).

---

<sup>1)</sup> Verbastering van *Club*: Algemene benaming vir sangverenigings onder die kleurlinge. Die Maleiers gebruik ook die woord „troep”.

<sup>2)</sup> C. J. van Rijn: *Ons Land* (6 jan. 1920).

<sup>3)</sup> Die Hollandse sangtroepe het ook al aan die sangwedstryde deelgeneem, maar dis 'n uitsondering op die reël.

<sup>4)</sup> en <sup>5)</sup> „Voorsinger” en „Sekondant”. Die res van die koor word dan die „waentjies” genoem. Wie die kore hoor sing het, sal die analogie begryp: Die lede val net by sekere reëls en die refrein in.

<sup>6)</sup> C. J. van Rijn: *Ons Land* (6 Jan. 1920).

Die uitvoerings vind sonder enige lawaai-makery plaas en word deur 'n waardigheid gekenmerk wat van die Maleier se vurige bewondering vir die lied getuig: Om nege-uur op die aand van 25 Desember begin hierdie troepe besoek af te lê. So onder die sing deur word hulle op soetkoek en gemmerbier by die bevoorregte huise getrakteer; en onafgebroke gaan die verrigtings tot drie-uur die volgende middag deur; om met Nuwejaar, wanneer die feesviering sy toppunt bereik, herhaal te word.

Die sangverenigings tree egter nie net met karnavaltyd in die openbaar op nie: ook by pieknieks, en veral by huwelike, word hulle genooi om die verrigtings met sang op te luister. By laasgenoemde word daar vir hulle „'n tafel gesit” en word gewoonlik net minneliedere gesing<sup>7)</sup>.

Voor die koms van die Hollandse matroos, Frans de Jong (1883), het die meeste liedere uit oorlewerings bestaan, òf regstreeks van die vorige geslag gekry, òf deur aanraking met die deurvarende Hollandse bote; maar met die optrede van Frans en Rasdien Cornelius het die sangverenigings 'n nuwe tydperk (1887 tot op datum) ingegaan: 'n tydperk waarin party van die ou oorlewerings deur die boekvorms vervang word, want albei die koorleiers het vir die verkryging van liedereboeke en pamflette gesorg.

Rasdien Cornelius (geb. 2 Des. 1867) het reeds in 1883 begin sing, maar eers in 1887 by Frans aangesluit, om sodoende 'n aantal Hollandse verenigings op die been te bring juis toe die Hollandse lied, deur die verengelsing van die Kaap, aan die begin van die 20ste eeu met ondergang bedreig is<sup>8)</sup>. Na die dood van Frans (11 Oktober 1914) het die leierskap van die hooftroep op Rasdien geval; en as „Lokomotief” het hy hom met behulp van sy „Klok”, Suleiman, so vir die saak beywer dat op die oomblik ongeveer vyftien troepe die Hollandse lied in Kaapstad beoefen. As daarby gevoeg word dat deur sy toedoen 10,000 pamflette bevattende Hollandse liedere, en 'n duisend

<sup>7)</sup> Sien ook *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika* (20 en 27 Junie 1933).

<sup>8)</sup> Hoe ver die verengelsingsproses gegaan het, word deur die „liedjesboeke” van 1900 bewys. Vgl. ook *Suid-Afrikaans Volkspoësie*, p. 302.

boeke<sup>9)</sup> uit Amsterdam bestel is, dan sal beseft word wat die Hollands-Afrikaanse samelewing aan die Kaap aan hierdie sanger verskuldig is.

Deur hierdie hoofsanger, wat die lied vir die afgelope vyftig jaar beoefen, word die leiers van die ander troepe voorberei.

Presies hoe oud die sangverenigings is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Van sulke verenigings word in die Kaapse oorkondes geen melding gemaak nie; wel van 'n paar musikante<sup>10)</sup>. Die datum van ontstaan kan dus slegs by benadering vasgestel word. Dat dit voor 1750 moet lê, word aan die hand gegee deur die verklaring van tagtigjarige dat hulle baie van die liedere as kinders van hul ouers aangeleer het, en dat dié dit weer van die vorige geslag gekry het.

Aan Maleise of Maleis-Portugese invloed hoef ons in verband met die ontstaan van hierdie verenigings seker nie te dink nie. Waarskynlik het die Maleise voorgeslag hier, soos in die geval van baie huislike gewoontes, die Hollandse kolonis nagevolg:

„In de Kerstnacht zongen de vele aktieve of gewezen Duitse soldaten in dienst der O.I. Kompanjie, Zwaben, Westfalers en anderen, zomede de vele Duitse burgers, volgens oudvaderlands gebruik, *Weinachtslieder*, wat natuurlik zeer de aandacht moet getrokken hebben, vooral van de nuchtere gekleurde bevolking, die, voorgelicht door Janmaat, dit al spoedig op haar manier ging nadoen . . . By de oude, deftige burgers dezer stad was, zeker wel tot 1830 toe, het Nieuwjaarsfeest een groot feest. In de geest zien we op die schitterende zomerdag de Kaapstadters uitgaan, zeer fraai aangekleed, met de nodige bedienden achter zich op bepaalde afstanden. En dat bleef lopen, de hele dag, om bij alle vrienden en kennissen overal Nieuwjaar te gaan wensen (zoals nu nog in Holland). Het volk nam dat plechtige rondlopen in mooie kleren als het eigenlike doel, en nam het over

<sup>9)</sup> 500 Bundels *Gezelschapsliederen*, 250 eksemplare elk van *Liederenschat* en die *Volksliederenboek*.

<sup>10)</sup> In 1707 is sekere Biron gestraf omdat hy „eenige vuijle liedekens half op 't Mallais en half op 't Hollands" gesing het (Criminele Justisie 973, 26 September 1707). Sien ook *The Cape in 1822* (p. 166) en Register van die Weeskamer: *Testamenten* (Deel 16, No. 26).

met zoveel andere dinge. Bovendien hielden denkelijk vele kolonisten, die ten zuiden van de Maas geboren waren, in Januarie Carnavalfesteen<sup>11)</sup>, welke of zeer vroeg gevierd werden, of bij 't in onbruik raken ervan met het Nieuwjaarsfeest saamsmolten . . ."<sup>12)</sup>.

Dis moontlik dat die sangverenigings op hierdie manier ontstaan het. Dat die matrose, wat seer seker soms singend deur die strate gegaan het, hulle deel tot die bestending van die gewoonte bygedra het, word deur die groot aantal matroosliedere wat die Maleiers ken, aangedui. Laasgenoemdes het in hul pogings om nuwe liedere aan te leer en die boekvorms van oorlewerings in hande te kry, gedurig met die bemanning van die Hollandse bote in aanraking gekom; en in ruil vir die Kaapse wyn wat die Maleise vissers van Roggebaai na die bote toe geneem het, is menige „moppie” en matroosliedjie aan hul afgestaan. Die *Koningin Emma*, *De Zeven Provinciën*, die *Van Speyk* is onder die Maleiers nog goed bekend as bote wat aan die begin van die 20ste eeu sekere liedere aan hulle besorg het<sup>13)</sup>.

Vir sangdoeleindes is Kaapstad in die 19e eeu in drie verdeel:

- (a) Die Bo-Kaap, vanaf Waalstraat na bo;
- (b) Die Onder-Kaap, tussen Waalstraat en Strandstraat; en
- (c) Roggebaai, met sy vissers wat dikwels met die matrose in aanraking gekom het.

Die sangverenigings se liedere bestaan uit:

- (a) Hollandse oorlewerings en boekliedere;
- (b) Afrikaanse liedere, waaronder baie *Ghomma*-liedjies.

Party van die Hollandse oorlewerings het die huidige geslag in so 'n verminkte vorm bereik dat hulle klaarblyklik sonder besef van die oorspronklike betekenis gesing word<sup>14)</sup>.

---

<sup>11)</sup> Sien R. Vankehove en A. Lepage: *Het Volksleven in het Straathied*, p. 21 et seq. Die Kaapse gebruike kom baie met die beskrywing van die Gentse Karnaval ooreen.

<sup>12)</sup> C. J. van Rijn: *Ons Land*, 25 Des. 1916.

<sup>13)</sup> Die Hollandse matroos wat wou weggeloop, kon altyd by die Maleier hulp soek. In een geval is 10 matrose deur bemiddeling van sangers aan wal gebring. By wyse van vergelding moes hulle liedere verskaf.

<sup>14)</sup> Sien Bylae B. (p. 149).

Die stryery<sup>15)</sup> oor variante op die oorlewerings kon slegs deur die verkryging van die boekvorm besleg word — en met die koms van die boekvorm het die oorlewing verdwyn.

Die meeste van die oorlewerings word op 'n slepende tempo<sup>16)</sup> gesing. Of hier aan Oosterse invloed moet gedink word<sup>17)</sup> of aan beïnvloeding deur die Hollandse psalms soos deur die ou koloniste gesing, sou moeilik gaan om vas te stel. Die manier waarop die Maleise vrouens hul minneliedere sing, herinner sterk aan die intoning van die Javane. Mnr. Van Ryn meen dat die beïnvloeding van Hollandse kant kom:—

„De zangen worden meest allen met een breed largo-tempo gezongen — ook al een overblijfsel der 17e en 18e eeuw”<sup>18)</sup>.

Daar bestaan ook 'n neiging om die wysies eenvormig te maak<sup>19)</sup>. Dit geld egter slegs die oorlewerings. In die geval van die boekliedere vorm die versnelde tempo 'n opvallende teenstelling met die langdradige uitvoering van die meeste oorlewerings. Die *Ghomma*-liedjies is soms wel ook oorlewerings, maar in hulle geval word die vinnige uitvoering deur die aard en doel van die liedjies as dansbegeleidings bepaal. Ook in die geval van party van die Hollandse oorlewerings<sup>20)</sup> kan selfs die neiging van die Maleier om hierdie soort liedere langsaam te sing, nie die tempo vertraag nie.

Om die liedere behoorlik op prys te stel, moet die sangtroepe se veelstemmige vertolking daarvan gehoor word. Hierdie eenvoudige mense, wat bedags die houthakkers en waterdraers van die stad is, word snags deur die bekoring van die lied — die erfnis van hul vadere — na 'n ander wêreld gevoer; en as daar skielik, onderwyl lemoenkofyt en koesisters met stroopsoet tee bedien word, 'n langvergete liedjie opduik, knik die oues van dae goedkeurend, hoogs tevrede met die verskyning van 'n geliefde kennis uit hul kinderjare.

<sup>15)</sup> Die vissers van Roggebaai het die liedere, van die matrose verkry, weer aan hul rasgenote verruil, soms met terughouding van 'n versie, wat tot ontevredenheid — selfs messtekery — gelei het.

<sup>16)</sup> Die tempo-veranderings is onortodoks, wat die musiek-opname bemoeilik.

<sup>17)</sup> Die Javane se liedere word langsaam gesing. Moontlik het die Arabiese godsdienstige liedere (*dzikir*) hulle invloed hier laat geld.

<sup>18)</sup> C. J. van Rijn: *Ons Land* (25 Des. 1916).

<sup>19)</sup> Die meeste oorgelewerde melodieë bestaan uit 3 of 4 akkoorde.

<sup>20)</sup> Sien Bylae B (p. 115) met sy ritmiese refrein (vgl. die Engelse *Sea Chanties*, waarin die ritme ook deur die aard van die werk aan boord bepaal word).

### III: DIE HOLLANDSE LIED.

„Meer as een Hollandse volkslied leef vandag nog voort in die geheue van die ouer geslag; fragmente van andere, hier en daar aangetref, bewys dat daar 'n tyd was toe die Nederlandse volkslied in 'n nog veel ruimer mate by ons verteenwoordig was as wat ons, enkel afgaande op wat vandag nog leef, rede sou hê om te vermoed.”

S. J. du Toit: *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 210).

(a) OORGEPLANT.

Die manier waarop baie van die oorlewerings, wat in hierdie afdeling voorkom, die Kaap bereik het, is reeds by die bespreking van die sangverenigings aangedui: party is seker deur die ou koloniste uit Holland meegebring en hier o.a. deur die Maleiers as huisbediendes ens. aangeleer; ander is van tyd tot tyd deur middel van matrose verkry.

Wat die aard van hierdie oorlewerings betref, kan dit nie beter aangedui word as wat deur D. Wouters en J. Moorman in *Het Straatlid*<sup>1)</sup> gedoen is nie: Hier kry ons ballades, party droewig-sentimenteel, ander wat nog van die direktheid en naïwiteit van die Middeleeuse kuns getuig; minneliedere, drinkliedjies, liedere met 'n politieke geur, moppies wat nêrens anders as op straat kon ontstaan het nie.

Tal van liedere wat die Maleiers aanvanklik slegs in oorgelewerde vorm geken het, is later<sup>2)</sup> deur hulle in boekvorm teruggevind; waarop die verdwyning van die oorgelewerde vorm spoedig gevolg het, want dit is die sangers se strewe om die liedere reg te sing. Volgens hulle, bestaan 'n aansienlike aantal oorlewerings nog naas die boekvorms van die betrokke liedere; en is inderdaad in sekere gevalle sulke „oorlewerings” opgegee. Die gevaar, egter, dat hierdie vorms slegs afwykings van die geboekstaafde liedere, of miskien vorms van afwyking sowel as van oorlewing is, het die opname van sulke „oorlewerings” in die weg gestaan. Die oorlewerings wat hier gegee word, is dus slegs van liedere wat die Maleiers in geen ander vorm ken nie.

Hoewel die boekliedere vir ons doeleindes van minder belang is, sou 'n aanduiding van die Maleiers se liedereskat nie volledig wees sonder vermelding van 'n aantal voorbeelde nie. In Bylae C verskyn dus die aanvangsreëls van 'n klompie liedere wat hierdie afdeling van die verenigings se sangkuns verteenwoordig.

---

<sup>1)</sup> Sien aanhaling aan die begin van II. (p. 24).

<sup>2)</sup> Veral vanaf die begin van die 20ste eeu.

Soos in die geval van die oorlewerings, is dit veral die liefde wat die volksverbeelding hier aangegryp en die keuse van die boekliedere bepaal het. Vaderlandse sange word ook goed verteenwoordig, en dis veral hier waar die Maleier se voorliefde vir die statige ou Hollandse volkslied te voorskyn kom. *Wien Neerlands Bloed* en die *Wilhelmus* word voluit gesing; *Al is er ons Prinsje nog so klein* is 'n geliefde lied wat nog in sy sewentiende-eeuse pak verskyn. Die *Io vivat*, wat soos die *Gaudeamus Igitur* op die vasteland as studentelied in tel is, word in die oorspronklike taal gesing; so ook die *Boshe Zaria*, die ou Russiese nasionale himne. Matroosliedere, ballades, wiegelielidjies en drinkliedjies word almal met sorg beoefen; en in die lys sal menige geliefde volkslied gevind word wat nog die Nederlandse gemoed in beroering bring<sup>3</sup>).

'n Paar Hollandse boekliedere het die Maleiers uit plaaslike uitgawes gekry, w.o. *Elize*, 'k zag u en beminde en *Weest Gegroet, geliefde Velden*, wat uit De Lima se derde bundel *Gezelschaphliederen* geput is. Ten minste een uitgawe van hierdie bundeltjie was nog tot onlangs in hul besit.

Die bedoeling is om, wat die oorlewerings betref, dié liedere die lig te laat sien wat die Afrikaner òf verloor het òf nooit geken het nie, liedere wat by die Maleier bloei. In twee gevalle<sup>4</sup>) word vir vergelykingsdoeleindes liedere gegee wat ook in Afrikaanse kringe bekend is.

Hierdie oorlewerings is uit die volksmond opgeteken, en omdat die uitspraak so sterk van die gewone afwyk<sup>5</sup>), het ek probeer om dit foneties aan te dui. In die Nederlandse liedere is die Nederlandse spelwyse behou behalwe waar die Maleiers se uitspraak 'n wysiging genoodsaak het.

Soos reeds gemeld<sup>6</sup>) het die onortodokse tempo-veranderings die opname van die musiek bemoeilik. In baie gevalle kan al die woorde van die tweede versie nie presies op die aangeduide note vir die eerste versie gesing word nie. Vir sulke onegale reëls word ander note ingevoeg wat uit die aard van die saak nie almal aangedui kon word nie.

<sup>3</sup>) W.o. *Er waren Twee Koningskinderen* (19e-eeuse vorm), *De Kabels Los*. Daar ging een Patertje langs den Kant, ens.

<sup>4</sup>) *Jagters Minnelied* en *Onder de Groene Bomen*.

<sup>5</sup>) Afdeling I (pp. 15-16).

<sup>6</sup>) Afdeling II (p. 39).

Hobein de Dapper Man kom in verskillende vorms onder die Maleiers voor. Hoewel ek die boekvorm slegs in 'n plaaslike uitgawe<sup>7)</sup> kon kry, is dit klaarblyklik 'n lied wat in Holland ontstaan het<sup>8)</sup>.

HOBEIN DE DAPPER MAN.

Dans sin-gen het lot van het dap-per Ho-bein,-  
 .... El-waar - dig door san-gen te e-ren te sijn;.... Kom  
 o-pen uw o-ren om het lied-jie te.. ho-ren, Te e-ren van  
 de-se ma-troos..... El-ker hol-lan-der sal,.... Aan-hoor  
 .. dat ge-val, . . . . Met elk - in - te -lijk vreug-de doen  
 blij - ken . . . . Dan voe-ge te sijn.. gij jeug-de voor  
 mijn, .. Lang lie - ve de dap - per Ho - bein . . . .

<sup>7)</sup> Verzameling van Hollandsche Lieder. J. J. de Kock. Kaapstad. 1836. Dat daar destyds 'n tekort aan gedrukte Hollandse liedere was, blyk uit die voorwoord: „De reden dat dit boekje het licht ziet. . . is alleenlijk deze: (1) Het gebrek aan Hollandsche Lieder en (2) Het verlangen om eene verzameling derzelve te bekomen.”

<sup>8)</sup> Jacob Hobein het in 1831 die Nederlandse vlag van 'n sloep op die Schelde weggehaal toe dit gevaar geloop het om in bande van opstandinge te kom.

## (2)

Toen hij en<sup>9)</sup> een sloep met een Hollandse vlag  
 Gangs ander beried van Brabaner saak  
 Door onse soldaten seer hartig verlaten  
 Omdat hij op lager wal lag,  
 Toen sprong hij vol moed om eens in den vost  
 Om swemmen de vlag weer te halen,  
 Terwijl hij eer moest om sterven vir kost —  
 Lang lieve de dapper matroos!

## (3)

Toen sag hij Belgen te water in gaan  
 En goeden van Speyk met u grote bestaan  
 Al smerren de koegels genaart sag dim over  
 En legt daar uw skietgeweer aan.  
 Nee, branden sij lose op golvenseloos  
 En soek hom in het smeren te treven  
 So happen wij goed en smeren met spoed —  
 Lang lieve de held so vol moed!

## (4)

Niets dat gij het seeman als mensen vertal  
 Ook smerren de koegels dan riep hij sich voort  
 Adie hem te water en wou den geklater  
 En legt een seedwee en smoor  
 Totdat hij het vlag aan sijn hart drukken mag  
 Om hem weer in 't veiligheid brengen  
 Nu kost hij een lijst roep ieder niet uit:  
 „Lang lieve Hobein met sijn bruid!”

## (5)

O sielen bekoren uit het dapper bestaan  
 So spiegelt u allen altijd voor het aan.  
 Steeds moet gij uw leven bereid sijn gevaan  
 Voor het vaderlands koning en vorst.  
 Heel Holland versnu met vertrouwen  
 Dan sing ik als dappere helden  
 Van Speyk en Hobein bevoorbijl te sijn —  
 Lang lieve de dapper Hobein!

---

<sup>9)</sup> Vir afwykende uitspraakvorms word na Afdeling I (pp. 15-16) verwys.

## Boekvorm:

## TOT LOF VAN HOBEIN.

## (1)

Thans zing ek den lof van de dapp're Hobein,  
 Wel waardig door zangen verheerlijkt te zijn,  
 Kom opent uw ooren,  
 Om 't liedje te hooren,  
 Ter eere van dezen matroos,  
 Elk Hollander zal,  
 Aanhoor dit geval,  
 Erkentlijke vreugde doen blijken;  
 En voege dan zijn  
 Gejuich bij het mijn,  
 Lang leve die dapp're Hobein!

## (2)

Want toen hij een sloep met een Hollandsche vlag,  
 Gansch onder 't bereik van de Brabanders zag,  
 Door onze soldaten  
 Zeer haastig verlaten,  
 Omdat zij op lager wal lag;  
 Toen sprong hij vol moed,  
 Op eens in den vloed,  
 Om zwemmend de vlag weer te halen,  
 Terwijl hy des noods  
 Het sterven verkoos,  
 Lang leve die dapp're matroos!

## (3)

Toen zagen de Belgen te water hem gaan,  
 En gloeiden van spijt om zoo groot een bestaan;  
 Als tierende snoevers;  
 Genaken zij d'oevers,  
 En leggen hun schietgeweer aan;  
 Daar branden zij los,  
 In het golven geklos,  
 En zoekt er den zwemmer te treffen;  
 Maar hoe ook begroet,  
 Toch zwemt hij met spoed,  
 Lang leve die Held zoo vol moed!

(4)

Niets dat hem in 't zwemmen het minste verstoord,  
 Al snorren de kogels toch rept hij zich voort;  
 Al suischt ook het water,  
 Met woedend geklater,  
 En 't lood dat er ziedend in smooft,  
 Totdat hij de vlag  
 Aan het hart drukken mag,  
 En haar weer in veiligheid brengen.  
 Nu keert hij, en luid,  
 Roept ieder nu uit,  
 Lang leve Hobein met zijn buit!

(5)

O Zeeliën bekoort u dit dapper bestaan,  
 Zoo spiegelt u allen altijd er tog aan;  
 Steeds moet gij uw leven,  
 Bereid zijn te geven,  
 Voor Vaderland, Koning en Vorst!  
 Heel Holland vest nu,  
 Vertrouwen op u,  
 Zoo laat dan als dappere Helden,  
 Van Speyk en Hobein,  
 Ten voorbeeld u zijn,  
 Lang leve die dappere Hobein!

Met uitsondering van reëls 9 en 11 (boekvorm), waarvan die betekenis klaarblyklik verlore gegaan het, is die eerste stansa van die oorlewering betreklik suiwer bewaar. Erger het dit met die tweede stansa gegaan, waar veral die tweede en sewende reëls (van die boekvorm) moeilikhede meegebring het. In die derde stansa word „gloeiden van spijt” deur „goeden van Speyk” vervang, as gevolg van bygedagte aan daardie held en 'n lied wat aan hom gewy is, terwyl „golvenzeloos” (golven geklos), „smeren” (zwemmen) en die laaste twee reëls (boekvorm) die sangers weer die draad laat verlor het. In party gevalle kom die oorspronklike woorde selfs nie in verwronge vorm voor nie, maar is hulle heeltemal verlore gegaan, om deur wildvreemdes vervang te word, wat selfs geen klankverband met die oorspronklikes toon nie („adie hem te water”, „al suischt ook het water”, 4de stansa). Opvallend is die verandering van die minder bekende „buit” in „bruid”.

Tipies van die sentimentele volkspoësie, en taamlik naby aan die oorspronklike, is *Die Skone Bruid*, waarvan die Maleise oorlewering hier volg:—

## DIE SKONE BRUID.

*So lang sal dat boom sal bloei-jen Als dit le-tie al heer-lijk stond, En*

*ik sal haar nooit ver-foei-jen Al met... een an-der te gaan.*

2.

Een meisje van sestien jaren,  
Sij bent maar nog een kind;  
Hij vroeg om met haar te paren —  
Hij werd door haar bemind,  
Ja, hij werd door haar bemind.

3.

Dit was op een Sondagmorgen  
Tot<sup>10)</sup> hij vir haar ontmoet.  
Sij doet niet als te winke;  
Sij wink al met haar hoed,  
Ja, sij wink al met haar hoed.

4.

Een meisje al voor dit laaste  
Neem sij dit spiegelglas aan;  
Ek raai haar tot die beste  
Tot<sup>10)</sup> sij uit wandeljik gaan,  
Ja, tot<sup>10)</sup> sij uit wandeljik gaan.

5.

Haar bruidkleed, dit sijn sou prachtig,  
Sij wens dit sal haar doodkleed sijn.  
Sij was haar dood verwachte,  
God help haar uit dit pijn,  
Ja, God help haar uit dit pijn.

<sup>10)</sup> Toe.

## 6.

Daar onder leg sij begrave,  
 Een skone jonge vrouw,  
 Die skjnen van haar liefde  
 Drie ure na haar trouw,  
 Ja, drie ure na haar trouw.

## 7.

Tot<sup>11)</sup> hij naar dit kerkhof marsere,  
 Sien hij haar wese stond daar;  
 Begin hij en sijn hart te beven  
 Tot<sup>11)</sup> hij bij dit kerkhof stond,  
 Ja, tot<sup>11)</sup> hij bij dit kerkhof stond.

## 8.

Maskie word hij nog vijftig jaar oud,  
 Dan sal hij haar nooit vergeet.  
 Die dag al van sijn trouwdag.  
 Werkman, jii is wewenaar;  
 Ja, werkman, jii is wewenaar.

Eienaardig is die byna algehele verafrikaansing van die laaste versie, in teenstelling met die Hollands-Afrikaanse vorm van die voorafgaande stansas. „Maskie” word hier nie in die oorspronklike sin gebruik nie (m. *Maski* — ofskoon, alhoewel). Verwarring van die persoonlike voornaamwoorde<sup>12)</sup>, en verhaspeling van woorde soos „schijnen” („scheidde”, 6e stansa) lei tot verduistering van die Maleise teks.

In teenstelling met die Afrikaner, het die Maleier nie geaarsel om woorde soos „paren” (tweede stansa) te behou nie. Hierdeur is die bewaring van sekere Nederlandse liedere onder die Maleiers vergemaklik.

Uit die oorspronklike vorm van hierdie lied<sup>13)</sup> blyk dat die „werkman” van die oorlewering (laaste reël) uit „werd man” afkomstig is; terwyl die laaste reël van elke versie nie (soos by die Maleiers) herhaal word nie:—

<sup>11)</sup> Toe.

<sup>12)</sup> Verwarring van *hy* en *sy* kom gedurig in die liedere voor; moontlik onder Maleise invloed, want *ia* (*dia*) moet in daardie taal albei vorms aandui.

<sup>13)</sup> Sien *Het Straatlied* (D. Wouters en J. Moormann), p. 37.

## DE SCHONE BRUID.

1.

Zoo lang de boom zal bloeien  
En de leliën heerlijk staan,  
Zal ik hem nooit verfoeien,  
Om met een ander te gaan.

2.

Ik was pas zestien jaren,  
Ik was nog maar een kind,  
Toen vroeg hij mij om te paren,  
Ik werd door hem bemind.

3.

Het was op een Zondagmorgen,  
Toen kwam hij mij tegemoet,  
Hij deed niets anders als zwaaien,  
Hij zwaaide al met zijn hoed.

4.

Dus meisjes voor het laatste,  
Neemt hier een spiegel aan,  
Ik raad u voor het beste,  
Als gij uit wandlen gaat.

5.

Kom ik langs het kerkhof getreden,  
Wat vond ik hier nu staan,  
Begon het mij te graveelen,  
Als ik die zerk zag staan.

6.

Hier onder ligt begraven  
Een schoone, jonge vrouw.  
Die scheidde van haar leven  
Drie uurtjes na haar trouw.

7.

Haar bruiloftskleed vol prachte,  
 Zal gewis haar doodskleed zijn,  
 Ach, dood, wil mij verwachten,  
 Ach, help mij uit de pijn.


8.

Ik zal het nooit vergeten,  
 Al word ik nog vijftig jaar,  
 Dat ik op de dag van mijn trouwen,  
 Werd man en weduwnaar.

Hoe ver die oorlewering soms van die oorspronklike afwyk, blyk uit 'n vergelyking van die Maleise vorm van *Het Ruitertje* met die Nederlandse. Baie van die versies word by die plaaslike oorlewering uitgelaat, en by die origes het begripsverwarring meestal ingetree, sodat hulle blykbaar sonder besef van die oorspronklike betekenis gesing word.

Opvallend is die verandering van ‚geraken‘ in ‚gijranken‘ (eerste stanza) waar die laaste reël ook 'n mooi voorbeeld van volksnaïweteit verskaf:

## HET RUITERTJIE.



14)



<sup>14)</sup> Volgens die sin is sij in die derde reël 'n meervoudsvorm (ten spyte van sprak).

## 2.

„Nou keer ik als ruiter naar het vreemde land;  
 Dan steek ik dese overskoonste magen  
 Die al en<sup>15)</sup> dat skand.”  
 Die meisje stond achter dat deur van dat wijnhuis en stond:  
 „Ik aanhoor toch al dese woorde  
 Die al uit mijn soetste lief sijn mond.

## 3.

„Ik maak hier voorwaardag<sup>16)</sup> niet open,  
 Ik laat u voorwaardag nooit en.  
 Veel goud en silver voor blinken  
 Van mijn spoedig en mijn pak langs bij mijn.  
 Ooch Hemel, ooch Here, geef alles van boven,  
 Verheug toch al mijn sinnen  
 Laat ik dese ruiter nooit wederen sal beminnen.

## 4.

„Nou waar sal ik henen gaat rusten,  
 Nou waar sal ik henen gaan?  
 Dit bin sou donker en duister,  
 Want daar skijn nooit gijn<sup>17)</sup> son, sterre of maan.”  
 „Dit was nacht, middel al en dit nacht  
 Hier op mijn soetste lief sijn slaapkamertjie.  
 Dan gaf ik voor haar een slaaf<sup>18)</sup>: „Door<sup>19)</sup> open,  
 Door open, mijn wil — is — bemind<sup>20)</sup>”; maar als sijn mijn  
 Believen, dan laat sijn vir mijn naar binnen.”

## 5.

„Hier stond ik als een jonge kerel,  
 Dan heb sijn sou van haar een fijn;  
 Maar dit was maar door een glasio jenever  
 Die 't mijn altijd spreken  
 Al waar jij nooit doen is nooit te verloren  
 Dan het hij van dit arfen die al en mijn armen gelukken;  
 Maar als ik dan jij was, dan keer ik terug van  
 Sijn wil daar een ander verkoren, ja, een ander verkoren.

---

<sup>15)</sup> In. <sup>16)</sup> voorwaar. <sup>17)</sup> geen. <sup>18)</sup> slag. <sup>19)</sup> doet. <sup>20)</sup> welbeminde.

Nederlandse vorm:—

DAAR WAS LESTMAEL EEN RUYTERKEN<sup>21)</sup>.

1.

Daar was lestmael een ruyterken,  
die in het wynhuys zat;  
hy en deed er niet als praten  
van zyn schoon lief dat hy had:  
„en ik heb er een lief overschoone maagd,  
'k zal zien by haar te geraken  
tot dat zy myn liefde draegt.”

2.

Het meysjen dat daar aan den trap  
Al van de kamer stond,  
die hoorde deze woorden  
uyt haer schoon lief zyn mond,  
en zy riep: „och heere Godt van hier boven,  
och geeft er my doch den zin  
dat ik den ruyter niet en laet in!”

3.

Op eenen goeden nacht men zag,  
al in den middernacht,  
op zyn schoon lief haer vensterken  
daer gaf hy eenen slag,  
en hy riep: „doet open, myn schoone vriendinne,  
doet open, myn zoete lief,  
en laet er my inne!”

4.

„'k En doe er voorwaer niet open,  
noch 'k en laet u niet in;  
ruyter, ik kwam t' aenhooren,  
ja, uwe valsche min,  
en had gy gister avond wat beter gezwegen,  
gy had er van dezen nacht  
in myn erms gelegen.”

---

<sup>21)</sup> Uit *Het Oude Nederlandsche Lied*. Fl. van Duyse, Deel I, p. 792.

## 5.

„Als ik er gisteren avond  
 al in het wynhuys zat,  
 schoon lief, dan was ik dronke,  
 schoon lief, dan was ik zat;  
 die woorden zyn er my alle vergeten,  
 maer het was den rynschen wyn  
 die er my dede spreken.”

## 6.

„Als gy er gisteren avond  
 al in het wynhuys zat,  
 dan en waart gy niet dronke,  
 dan er waart gy niet zat;  
 en ik ben hier verciert met roode zyde,  
 sa, ruyter, als 't u belieft,  
 dan kunde gy ryden.”

## 7.

„Waer zal ik henen ryden,  
 Waer wil ik henen gaan?  
 Schoon lief, het is zoo donker,  
 alhier en schynt geen maen;  
 ja zoo donker, zoo duyster al in den nacht,  
 dat 'k schier niet en kan vinden  
 waer myn jong hert naer tragt.”

## 8.

„Wel is het dan zoo donker,  
 Zoo duyster in den nacht,  
 dat gy niet en kond vinden  
 Waer uw jong hert naer tragt?  
 sa, neemt er het peerdeken by den toom,  
 en laet het hier wat weyden  
 al onder den linden boom!”

## 9.

„Ik staen hier als een keerle,  
 en dat zeer hups daer by,  
 van goud zoo blinkt myn degene,  
 myn sabel aan myn zy;  
 van goud en zilver blinken myn sporen:  
 ‚Sa, ruyter, al wat gy doet  
 't is al moeite verloren’.”

## 10.

„Staet gy daar als een keerle,  
 en dat heel hups en fyn,  
 en ik ben hier van binnen  
 frisch maegdeken alleyn;  
 myn gordeyntje is gestrekt met roode zyde:  
 sa, ruyter, als 't u belieft,  
 dan kunde gy ryden.”

## 11.

Den ruyter wierd zoo gram  
 en dacht in zyn gemoed,  
 dat hy sprong op zyn perdeken  
 en stampte het met den voet,  
 en hy riep: „adieu, schoon lief, tot eere!  
 g' hebt er myn lief geweest,  
 maer nu niet meere!”

Hoeveel nader die Maleise oorlewering aan die Hollandse vorm staan as wat gewoonlik met die Afrikaanse die geval is, blyk uit die volgende lied:—

*De Brave Vrijmesselaar* is een van die oorlewerings waaroor die sangverenigings van tyd tot tyd struweling gekry het omdat die oorlewerings nie onderling ooreenstem nie. In werklikheid het ons hier met twee liedere te doen en is die opskrif soos hierbo aangedui (dis die opskrif waaronder die Maleiers die lied ken) misleidend, want die eerste vyf versies is niks anders as die *Jagters Minnelied* nie. Die Maleise vorms van die lied, soos hieronder aangegee, bevestig dus wat Boshoff en Du Plessis vermoed het, waar hulle in verband met die lied sê: „Hierdie minnelied herinner ons aan die erotiese liriek van die Renaissance, en na die halfargaïstiese taalvorme beoordeel, is dit seker van Hollandse oorsprong, maar dit is sterk verafrikaans deur die sing en die gedurig oorskrywe in ‚liedjiesboekies’ ”<sup>22</sup>).

Hieronder volg twee Maleise oorlewerings van die lied waaruit blyk dat hulle dit regstreeks aan die Hollandse bronvorm moes ontleen het. Vergelyk ons die twee, dan word dit duidelik dat daar nie net verskil van taalvorm is nie (die tweede

<sup>22</sup>) Sien Boshoff en Du Plessis: *Afrikaanse Minneliedjies*, p. 39.

oorlewering staan nl. nader aan die Hollands as die eerste), maar dat die tekste ook in aansienlike mate variante toon. So is verse 4 en 5 in die tweede oorlewering omgekeer en het die reëls in die war geraak. Ook bevat die tweede vorm 'n ekstra vers.

In albei gevalle het ons egter vanaf die sesde versie met 'n nuwe lied ('n vrymesselaarslied) te doen wat hoegenaamd geen verband met die voorafgaande het nie. Dit het my nie geluk om die oorspronklike van laasgenoemde lied op te spoor nie. Vir vergelykingsdoeleindes hou die lied dus na die vyfde versie op:

*Eerste Oorlewering:*

DE BRAVE VRIJMESSELAAR.

Kom gij .. met mij te ja - gen - - - wij  
 hoor.. de veld - slag toe-gij-brocht.... Kom treedt dan suara in het  
 bos waar ik een ja-ger siet de beeld van mijn...

2.

Gij kloekde<sup>23</sup>) jager, vries<sup>24</sup>) nooit gijn kou,  
 Wij trok daar kloekmoedag al door de dauw,  
 Een minnaar die mij sou oprecht bemint,  
 Vriest<sup>25</sup>) nooit voor geen hagel, snooit<sup>26</sup>) en wind.

<sup>23</sup>) Kloeke.

<sup>24</sup>) en <sup>25</sup>) Vreest: sien onder uitspraak, p. 16.

<sup>26</sup>) Sneeu: onder invloed van 'noot' (in dieselfde reël) ontstaan.

## 3.

Een haas al op sijn liete dag<sup>27)</sup>  
 Vries nooit voor gijn jager, hij's nooit gijn ach;  
 Maar ach, mijne ogies mijn jufferouw niet,  
 Dan sal ons aan dit liefde aan ons wiet.

## 4.

Die al de moeije meisjes bestraffen thuis  
 Terwijl daar een jonge van diese tijd;  
 Een boom dit krijg sijn bladeren weer,  
 Hier krijgen ewen skoonste nimmer nooit weer<sup>28)</sup>.

## 5.

Ik heb dat strikkies al vast gijstiek<sup>29)</sup>,  
 Dit hang sou lustag om haar nek.  
 Twee skone ogies bestraf sij mijn  
 Voor geld laat ik een minnaar maak sijn.

## 6.

Hij messel dit kalk al met dit steen,  
 Hij breek daar onsakelijk sijn arm of been.  
 Hij eet en wil en drink en snel,  
 Maar kallek en steen dat messel hij wel.

## 7.

So hiet hij een brave vrijmesselaar,  
 Hij vertel sijn geheim aan sijn moeder of va'er,  
 Vriend of maagd en vrouw en kind,  
 Hij messel die werk steen vas en blij blink.

## 8.

Als u wil wiet mijn geheime of langt,  
 Dan moet u maar word een vrijmesselaar;  
 Maar als ik mijn geheime aan mijn vrouw vertel,  
 Dan kan u maar doen of wat of gij wil.

<sup>27)</sup> Vgl. 3e stanza, tweede oorlewing, p. 64.

<sup>28)</sup> Vgl. laaste reël, 5e stanza, tweede oorlewing, p. 64.

<sup>29)</sup> Sien *uitspraak*, p. 16.

*Tweede Oorlewing:*

1.

Thans gij met mij te jagen,  
 Hier wordt het veldslag toegebracht.  
 Kom treedt tesame het bos waarin  
 Gij jagers siet het beeld van mijn.

2.

Een kloeke jager vrees nooit geen trouw,  
 Hij trok kloekmoedig al door de dauw;  
 Want een minnaar die hij oprecht bemint,  
 Vrees nooit geen hagel, sneeuw of wind.

3.

Een haas die op sijn leden lag,  
 Die wordt nooit van de jagers ooit geacht;  
 So minachten mijn ook, o juffrouw, niet,  
 Gij moet self het liefde van ons weet.

4.

Sij heef haar strik wat uitgeset,  
 Nu vang sij mij lustig in haar net;  
 Door uw skone ogen bestraf gij mijn,  
 Vergun dat ik uw minnaar moch sijn.

5.

Om mooie meisies bestreel uw tijd,  
 Terwijl gij jong en deugszaam sijt,  
 Want het boom die krijg sijn bladeren weer,  
 Maar gij uw skoonheid nemmer weer.

6.

Wij metsel sonder kalk of steen,  
 Dan breek wij selden ons arm of been;  
 Wij eten wel en drinken snel,  
 Het kalk en steen dat metsel wel.

7.

Het vrijmetselaar die moet houden sijn woord,  
 Het moet so blijven bij leven en dood;  
 Want hij die bij niet swijgen kan,  
 Die achten wij voor geen eerlijk man.

## 8.

Nooit heef een brave vrijmetselaar  
 Zijn geheim ontdek aan geen moeder of va'er,  
 Aan vriendin of maagd, aan vrouw of kind;  
 Het gemetselde werk houdt vast en blijf blink.

## 9.

Hij die ons geheim wil weten klaar,  
 Die moet worden vrijmetselaar;  
 Dan blijf sijn saken geheim en stil,  
 Dan doet ons ieder wat ons wil.

Hoewel die Nederlandse taalvorm ook in die tweede oorlewering verhaspel word, is die gedagtegang in die algemeen helderder en die uitspraak beskaafder as wat met die eerste oorlewering die geval is<sup>30)</sup>.

In die Afrikaanse vorm kom die eerste versie in party lesings as 'n verklarende voorspel voor, in ander nie. Ook word die reëls soms deur die invoeging van 'Ha! ha!' van mekaar geskei, wat dan onder handgeklap of voetgetrap uitgeroep word.

JAGTERS MINNELIED<sup>31)</sup>.

## 1.

Kom vriende, ons gaan same skiet;  
 Hoor na my jagters minnelied.  
 Ons gaan nou saam die jagveld in,  
 Die jag is 'n sinbeeld van die min.

## 2.

'n Kloeke jagter vrees g'n kou;  
 Maar stap kloekmoedig deur die dou;  
 'n Minnaar wat my opreg bemin,  
 Ontsien geen hael, sneeu of wind.

## 3.

'n Haas wat op sy lêplek wag,  
 Word van die jagter nie geag;  
 So ag ons ook g'n juffrou, nee,  
 Wat self haar liefde ons wil gee.

<sup>30)</sup> Die tweede oorlewering is egter van die Imam Rejaldin Sali, dus moet met sy taalkennis rekening gehou word.

<sup>31)</sup> Vgl. Boshoff en Du Plessis: *Afrikaanse Minneliedjies* (pp. 40, 41).

4.

Ons ag 'n juffrou vol van gloed,  
 Wat ons met moeite kryge moet:  
 Hoe meer 'n nooi my teëstaan,  
 Hoe hoër dat my liefde gaan.

5.

Dus meisielief, bestee jou tyd,  
 Voordat die jeug en min verslyt;  
 'n Boompie kry sy blaartjies weer,  
 Maar jy jou jonkheid, nooit nie weer.

Onder moppies ressorteer die liedjies (dikwels van verdagte inhoud) wat deur die sangers as uittarting of bespotting, of bloot vir gekskeerdery aangewend word. As iemand 'n moppie sing, voeg hy dikwels 'n persoonsnaam daarby; en kan die betrokke persoon nie gou genoeg deur middel van 'n ander 'skemliedjie' repliek lewer nie, dan word hy deur die aanwesiges uitgelag.

Die volgende moppie, wat ook as uittelrympie gebruik word, is in Afrikaans bekend en kan as verdere voorbeeld van die Maleier se nouer aanraking met die Nederlandse taalvorm in sy liedere dien:

#### ONDER DE GROENE BOMEN.



Die eerste versie van hierdie moppie kom in baie redaksies voor<sup>32)</sup>, waarvan dié van dr. S. J. du Toit<sup>33)</sup> die naaste aan die Maleise vorm staan:

Onder die groene bome,  
 Daar leg 'n Engelse skip,  
 Die Fransman is gekome,  
 Hy is so gek as ek;  
 Hy dra 'n hoed met pluime,  
 Gans bedek met lint en strik.  
 Kom laat ons telle  
 Onder onse selwe:  
 10, 20, 30, 40, 50, 60, 70, 80, 90, 100.  
 Ou Delima blaas op sestien.

'n Vir my onbekende vorm van hierdie liedjie het in die *Nieuw Rotterdamsche Courant*<sup>34)</sup> verskyn en lui as volg:

Onder de groene boomen  
 Daar ligt een Engelsch schip  
 De Franschen bennen (zijn) gekomen  
 Ze zijn zoo rijk als ik.

Ze dragen een hoed met pluimen  
 En een rok van perkament  
 De heele stad moet ruimen  
 Voor zoo'n gekken vent.

Eerst ben ik matroos geweest,  
 En nu ben ik soldaatje.  
 Als ik nu op schildwacht sta  
 Dan kijk ik door m'n gaatje.

Van rikke tikke tuiniers (tuinman)  
 Van vier, tien, twintig, dertig, veertig, vijftig,  
 Zestig, zeventig, tachtig, negentig, honderd, af!

Onder hierdie afdeling ressorteer waarskynlik ook die volgende refrein: een van die talryke fragmente wat onder die Maleiers verspreid is:—

<sup>32)</sup> Sien C. F. Groenewald: *Rympies en Raaisels*, p. 52, waar 'n Nederlandse vorm ook gegee word.

<sup>33)</sup> *Suid-Afrikaanse Volkspoësie*, p. 67.

<sup>34)</sup> 1 September 1933. (Avondblad E.)

„Violom van Silversteen” wat daarna met die variant „En die klip van silversteen” herhaal word. Die variant het bes moontlik as bygedagte (deur „Silversteen”) ontstaan. Die oorsprong en betekenis van „violom” kon ek egter nie opspoor nie.

Neem ons bowestaande reëls nou saam met ’n ander refrein, wat ook los staan en soms agter ’n liedjie gevoeg word, dan kry ons ’n samestelling wat in die refrein van ’n ou Hollandse straatlied teruggevind word.

Die tweede Maleise refrein is:—

Adjie (adieu) dan, sijns tevreden  
Met ’n pi-pi faaine man,  
Met ’n pi-pi faaine man;

en die laaste versie van die Hollandse straatlied waarop gemik word, lui as volg:—

De zeevismarkt werd oud  
Zoodat ie niet meer kon.  
Een nieuwe werd gebouwd,  
Die kost bijna drie ton,  
Hoe komt men aan dat geld  
Daar weet je alles van.

*Refrein:* Dat komt van Silberstein  
Die piek piek fijne man,  
Die piek piek fijne man<sup>35)</sup>.

Die lied self is nie onder die Maleiers bekend nie, en die refrein het hom in twee verdeel om as afsonderlike stertjies by verskillende liedjies diens te doen.

Die wegval van die *k* (pi-pi faaine man) kom òf deur die moeilikheid om die volle woorde vinnig te sing, òf deur die neiging om ’n slotmedeklinker te laat wegval<sup>36)</sup>.

<sup>35)</sup> Die lied in sy geheel is in *Het Straatlied* (Nieuwe Bundel, 1934), D. Wouters en F. Moormann, op p. 76 te vind.

<sup>36)</sup> Of om ’n bekende woord daarvan te maak.

Afgesien van die *Jagters Minnelied* en *Onder de groene bomen* is daar onder die Maleise oorlewerings ander liedere wat in Afrikaanse kringe bekend is, maar in onbruik geraak het. Waar word b.v. *Toen ik op Nederlands Bergen Stond* of *Zal ik dan mijn Jonge Dagen* nog deur die Afrikaner gesing? Algemeen bekend, soos by die Maleiers, is hulle nie. Veral sulke liedere kan weer as aanknopingspunte by die Afrikaanse liedereskat gebruik word; wat nie heeltemal dood is nie, kan weer nuwe lewe ingeblaas word.

Aangesien ons hier egter die aandag meer bepaald by nuwe bydraes tot die Afrikaanse liedereskat wil bepaal, word nie op sulke liedere ingegaan nie.

(b) HIER ONTSTAAN.

Sekere liedere het in die Kaap ontstaan. Oorlewering van hierdie aard dra die naam van „Kaapse Maakloon” en is nie so talryk soos dié wat uit Holland afkomstig is nie.

In teenstelling met die Afrikaanse liedere (Afdeling IV), waarvan die meeste, om na die taalvorm te oordeel, van betreklik moderne datum is, dra hierdie liedere ’n onmiskenbare Hollandse stempel, wat die taal betref, en het hulle blykbaar onder invloed van die Hollandse liederekuns ontstaan.

Hoewel die eerste lied in hierdie afdeling niks bevat wat bewys dat dit hier gemaak is nie, word dit weens die algemene strekking by die liedere wat hier gebore is, geplaas.

Na die dood van Louis<sup>1)</sup>, seun van Napoleon III, het die volgende rouklag<sup>2)</sup> ontstaan.

*lv.*

TREDE NIET NAAR DE ZULALAND.



<sup>1)</sup> In 1879 deur die Zoeloes vermoor.

<sup>2)</sup> Daar bestaan ook ’n Afrikaanse lied oor hierdie onderwerp. Die Dood van Prins Napoleon (Die Patriot, 1879), maar die inhoud is van gans ander aard.

„Ach moederlief, ach moederlief,  
Moederlief, druk niet sou<sup>3)</sup> op mijn harte,  
Want ik moet gaan vecht en de Zulaland.” (bis)

Napoleon, Napoleon,  
Napoleon, hij was uit keisterbloed gijbore,  
Want hij moest gaan leg en de Zulaland. (bis)

„Ach moederlief, ach moederlief,  
Moederlief, wees niet sou angstag.”  
Want ik siet hoe de tranen van haar wangen afrol. (bis)

Napoleon, Napoleon,  
Napoleon, hij wordt na sijn graf gijdragen,  
Want hij ben die laaste Napoleon,  
Was Prins Loewie, was Prins Loewie. (bis)

Hier kry ons, in teenstelling met baie oorlewerings, 'n duidelike teks wat slegs hier en daar van afwykings getuig. Afsiesien van uitspraak (gy vir *ge*, en vir *in*, en verwronge werkwoordvorms) is daar min wat kommentaar uitlok. „Want” (aan die begin van die derde reël, derde stansa) het blykbaar onder invloed van dieselfde woord in die vorige stansa ontstaan, en het waarskynlik die woord „maar” vervang. Ook pas die objektiewe kommentaar van die derde reël, vierde stansa, nie by die direkte aanspreekvorm van die twee voorafgaandes nie.


Soos elders aangedui<sup>4)</sup>, het die Maleise vissers, veral by Roggebaai, gedurig met die Hollandse matrose op deurvarende bote in aanraking gekom. Baie van die oorlewerings, en ook die wysies, is volgens die verklaring van oues van dae van die matrose afkomstig. In sommige gevalle, egter, het die lied onder die plaaslike vissers ontstaan<sup>5)</sup>. 'n Voorbeeld hiervan kry ons in die mooi *Visserlied*, wat tegelykertyd die sweem van 'n „skemliedjie” bevat, as ons op die tweede reël van die tweede versie kan afaan:—

<sup>3)</sup> Sien onder *uitspraak* (p. 15).


<sup>4)</sup> Sien onder *Sangverenigings* (p. 38).

<sup>5)</sup> Die Maleiers onderskei tussen „boordwysies” en „walwysies”. Laasgenoemdes het 'n baie stadiger tempo.


## VISSERSLIED




*Mijn.. vriend, ik wou u wat.. ver - tel - len Wat heb ik laas ge - sien*



*Lan-ges die strand bij mij - sel - ve Veel snoekies dans de riel Har-der al op sijn*



*fluit, En de slomp-neas al op sijn vi-jool - - - - En de geel-bek al op - - sijn*



*kla-ver-net... Ons doch dit was een aar-di-ge pret....*

## 2.

De Opperste van de bende  
Was een Viljegeelbek;  
Hij sprak al met sijn volk,  
En sijn volk was almal gek.  
Ja, ja, wij hoor dit wel:  
Veel snoekies dans met geweld;  
Maar as onse geelbek de bas gaan speel,  
Wie betaal onse geelbek zijn geld?

Hierdie liedjie, wat in Roggebaai gebore is, bevat reeds heelwat Afrikaanse vorms, maar is in wese tog Hollands, wat taalvorm betref. Opmerklik is die verandering van „klarinet” in „klavernet” aan die einde van die eerste stansa<sup>6)</sup>; terwyl die skalkse gemoedelikheid van „ons doch dit was een aardige pret” ’n skerpe teenstelling met die statige aanhef van die lied vorm.

<sup>6)</sup> Vgl. Changuion: *Proeve van Kaapsch Taaleigen* (p. xv).

„Kaapse Maakloon” is ongetwyfeld die volgende lied, waarvan die opstellers (Pietjie Kootjie en Willem de Roos) nog deur die plaaslike sangers vereer word.

## KOM JAGTERTJIES.

Kom.. ja - ger-tjies, kom ja - ger.. - tjies.., kom stelt hier en het  
rond,.... En ek sal u wat voor-ha-len en dit kor - len  
stond.... Ons sijn po-tein-tjies sijn.. hier al,.....  
En wij ma - ken.. blij - ven skal..... Wij..  
riep: Fie - fal - de o - ver - al, Wij ver - laat dit Kaap Moer - al.

2.

Wij hebben sou menag ganske nacht  
Bij dit Kaap s'n moeie meisjes doorgijbracht,  
Wij sijn vissers vol van moed,  
Wij hebben verteer ons geld en goed  
Bij dit Kaap s'n moeie meisjes soet;  
Wij verlaten haar met spoed.

3.

„Jongsman, hoe spreek gij mijn sou haastag aan?  
En o nie, gij heeft gijpluk mijn minnesbran,  
Met u verlaten tong.  
O nie, gij heeft gijpluk al van mijn blom;  
Nou gaat gij weg, en gij kom niet weer om —  
Gij heeft gijpluk mijn mageblom.”

## 4.

Meisjes dit sijnen voorwaardag niet om  
 Al weer sou menag visser van ons patroon.  
 Ons leid hier 'savens laat,  
 Gaat soenen al op dit straat,  
 Maar van gijn visser, maar van een soldaat;  
 Sij woon en het Walestraat.

## 5.

Meisjes, dit sijnen voorwaardag niet mist  
 Al waar sou menag visser die vernaamste van ons is.  
 Al kom daar een kleintjie van,  
 Daarom steur ik mijn bliksems weinag aan,  
 Maar maakt daar een wijse vader van,  
 Daar kom meteres kan.


## 6.

Souden wij marseren dat Roggelbaai al uit  
 Bij dit Kaap sij moeie meisjes gijleg dan voor ons uit;  
 Sij heeft haar eerdelijk gedaan;  
 Hier op dit seehoof blijf sij staan,  
 Maar nou kan sij dan maar wederom gaan  
 Met haar ogies vol met traan.

Hoewel die teks plek-plek onverstaanbaar is, kan die algemene strekking van die lied tog uitgemaak word: Die sorgelose vissers (matrose?) staan op punt van vertrek, nadat hulle die lewe in die hawestad geniet het, en word deur die agtergelate „Kaapse moeie meisjes” verwyf; maar daar steur Janmaat hom „bliksems weinag” aan, en die bedroë minnaresse moet vanaf die seehoof 'n laaste blik op die vertrekkende boot werp. Na 'n helder inleiding word die betekenis in die eerste stansa deur die middelste reëls (ons sijn poteintjies . . . blijven skal) verduister. „Fiefalde overal” is moontlik 'n verwringing van die dikwels gebruikte „fiefaldera”. In die vyfde stansa kom die realisme van die volksanger weer voor die dag.

„Kaapse Maakloon” is ook die gewilde *Nieuw Seemanslied*. Hier het die tand des tyds die oorlewering ook nie sagkens behandel nie en is dit moeilik om party van die stansas te ontsyfer.

## NIEUW SEEMANSLIED.



Vaar - wel, ... gij boe - ren - te, ... ik... neem... een af -  
scheid, ... Ik .. moest u - gaat be-mel-den... aan... een...  
Kaap - se moei - je meid ..... Ik heeft daar vijf  
maan - de bij u al door... gij... broch, ..... Nou  
moes ik dan gaan va. ren. schoon-ste lie ve, goe - de nacht.

2.

„Wat hoor sij voor rede, want sij bent nu seer ontsteld.  
„Jongsman, wees tevrede, want hier is nog zoveel geld.  
Ek skink u veel skapen en beesten van mijn hand;  
Als u dan hier wil blijven, dan maak ik een voorband<sup>1)</sup>”).

3.

„Jongsman, wil u blijven?” „Maar wees toch niet sou stout,  
Ik sal u niet verheugen voor silwer en voor goud.  
Ik seg sou iets besonders sou waar als ik hier staan,  
Dan ging ik nog een duit voor de hele Kafferland.”

4.

„Maar geld kan mij niet baten en het hele Kafferland;  
Voor duisend dukaten maak ik hier geen voorband.  
Ik seg sou iets besonders sou waar als ik hier staan,  
Dan ging ik nog een duit voor dit hele Kafferland.”

<sup>1)</sup> Verbond.

## 5.

Waar gaat sij nou heen? En sij sterreve van spijt;  
 Haar vreugd is gaat voordwijnen: „Daar is geen helper voor mijn.”  
 Nou lief sij een berouwen, want haar liefde die was groot,  
 Sij denk niet om te trouwen, want dit gaat haar niks niet voor.

## 6.

Waar gaat sij nou heen? Zij is vals en haar hart,  
 Dit weet dit Kaap sijn burgers is alles een voorwaar.  
 Sal sij haar gaat berouwen, dan wordt dit eens te laat;  
 Sij denk niet om te trouwen met een Afrikaanse knaap.  
 Adieu, skoon boerente, want sij trouw niet bij dit week.

## 7.

De darding hiervoor skrijven, want sij sijn noch sijn baas,  
 Nou moet sij sellef voorwachten omtrent een halleve jaar,  
 Wou hij dit ontvluchten, maar als hij dit maar kent,  
 Met droewigheid en met suchten broch sij haar tijd weer om.

Ook hier geld dit 'n afskeid: die minnaar wat „geen duit” vir die hele Kafferland sou gee nie, weier om aan die versoek van die „boerente” (boerinne) te voldoen.

Die verandering van *i* in *e* (boerente) kom meermale by die Maleier voor. Eienaardig is die onnodige gebruik van „broch” (eerste stansa), daar die vereistes van die eindrym die gebruiklike „bracht” aandui.

„Ging ik nog een duit” (derde stansa) sal wel 'n verwringing van „gaf ik nog geen duit” wees; terwyl „lief sij een berouwen” (vyfde stansa) deur „leeft zij in berouw” vervang moet word.

IV: DIE AFRIKAANSE LIED.

(1) ALGEMENE LIEDERE.

Behalwe die pieknieklidjies, wat die oorgroot meerderheid van hul Afrikaanse liedereskat uitmaak, sing die Maleiers ook 'n aantal algemene liedere, waaronder vaderlandse liedere soos die Vrystaatse en Transvaalse volksliedere en die *Stem van Suid-Afrika* ressorteer; ook word die volkservaringe in balladevorm weerspieël.

In teenstelling met die *Ghomma*-liedjies tree die betekenis van die woorde hier op die voorgrond; en daarom is dit jammer dat party van hierdie liedere die huidige geslag in so 'n verminkte vorm bereik het dat die teks soms onverstaanbaar is.

Onder die uitsonderinge moet die Maleiers se gebruik van die *Engelse Volkslied* genoem word. Die woorde, wat 'n parodie op *Rule Britannia* is, word nie op daardie wysie gesing nie:

#### ENGELSE VOLKSLIED.

Vorst *Plu-to* seg vir *En-ge-lan-de*: . . . . ., *Toe*, loer nou

oor . . . die *blou-e see* . . . . *Trans-maal* die geef ik in jou han-

de . . . . *Toe* sing die *goud-veld* - *skuim ook* . . . . . *mee*: . . . .

**REFREIN**

*Kom Brit-tan-je*, jy *be-skaaf*. . . . . *Maak die na-sies*

*tot jou slaaf*. . . . *Kom Brit-tan-je*, jy . . . . . *be-*

*skaaf* . . . . . *Maak die na-sies tot jou slaaf*. . . . .

## 2.

Myn volk is niet sou knap als jy,  
 Moet beurt op beurt jou wette lees;  
 Als jy sal bloeien groot en vry,  
 Dan sal die Boere ook beef van vrees.  
*Refr.:* Kom Brittanje, ens.

## 3.

Dan kan jy met meer majesteit  
 Die domme boer vertrap in den sand;  
 Met staatsmansken regverdigheid  
 Kom jy dan en beskaaf die land.

## 4.

Jou dwingslandy sal gou vernere  
 Die wat hulle eilan genoem;  
 En die wat wieger jou te eer  
 Verwoes hulleself en wyk jou roem.

## 5.

Om te regeer het jy die reg  
 Jou stude sal deur handeling blink;  
 En elk moet dan doen wat jy hulle seg,  
 Die nasies vir jou nederig sing.

## 6.

En Mozes maskie door bedrog  
 Sal kom na jou gelukkig strand;  
 O mistag eiland, jy het nog  
 Veel knappe rakkers by de hand.

Hierdie woorde het vir die eerste keer in 1879 verskyn en word deur dr. L. van Niekerk<sup>1)</sup> as volg weergegee:—

## ENGELSE VOLKSLIED.

## 1.

Vors Pluto seg ver Engeland:  
 „Toe, loer nou o'er die blauwe see;  
 Transvaal die geef ik in jou hand.”  
 Toen sing die goudvelds skuim ook mee:  
 „Kom Brittanje, jy beskaaf,  
 Maak die nasies tot jou slaaf.

<sup>1)</sup> *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen* (pp. 56, 57).

## 2.

Die volke nie so knap as jy,  
 Moet beurt by beurt jou wette lees,  
 As jy sal bloeie groot en vry  
 Dan sal die boere beef van vrees.

## 3.

Dan kan jy met meer majesteit,  
 Die domme boer vertrap in d' sand,  
 Met staatsmanskuns, regtverdigheid,  
 Kom jy dan en beskaaf die land.

## 4.

Jou dwinglandy sal gou verneer  
 Die wat hulle land (hull') eige noem,  
 En die wat weiger jou te eer,  
 Verwoes hul self en werk jou roem.

## 5.

Om te regeer het jy die reg,  
 Jou stede sal deur handel blink,  
 En elk moet doen wat jy hul seg,  
 Die nasies ver jou nedersink.

## 6.

En Mozes, maskie deur bedrog,  
 Sal kom na jou gelukkig strand;  
 O mistig eiland, jy het nog  
 Veul knappe rakkers by die hand.

Hoewel die lied van betreklik moderne datum is, het die betekenis van party van die reëls (sien tweede reëls, vierde en vyfde stansas) reeds verlore gegaan. „Staatsmanskuns” wat vir die Maleier ’n vreemde woord is, word tot „staatsmanken” vervaag (derde stansa). Opvallend is die verandering in beeldspraak (vierde reël, vyfde stansa) waar die verband met die voorafgaande egter nie verlore gaan nie. Die oorspronklike betekenis van die Maleise *maski* (ofskoon, alhoewel) kom mooi in die laaste stansa uit; maar kan nie as ’n direkte bydrae deur die Maleise sangers beskou word nie, daar dit reeds in die oorspronklike teks verskyn.

Tipies van die volksvertelling deur middel van die lied is *Maandjie, jy moet huis-toe gaan*, waarin die onbarmhartige eggenoot, selfs na sy vrou se dood, Langstraat bo sy huis verkies. Of dit uit algemeen Afrikaanse kring op die Maleiers oorgebring is, word nie deur die teks aangedui nie. Eerder moet dit as 'n verdraaiing van 'n Nederlandse lied<sup>2)</sup> deur Maleise sangers beskou word, as ons op die eienaam en die verwysing na Langstraat (vyfde stansa) kan afgaan. In elk geval is dit tans nie onder die Afrikaners algemeen bekend nie:

MAANDJIE, JY MOET HUIS-TOE GAAN.

„Maan-djie jy moet huis-toe gaan, Jou vrou-tjie is al siek!”

„Is sy siek dan bly sy siek, Nou gaat ek 'n dop-pie stiek”, Maan-djie jy moet

huis-toe gaan!” „Ek wil nie huis-toe gaan . . . . . nie.”

2.

„Maandjie, jy moet huis-toe gaan,  
Die dogter<sup>3)</sup> is al daar!”  
„Is hy daar dan bly hy daar;  
Nou maak hy sy werkie klaar.”  
„Maandjie, jy moet huis-toe gaan!”  
„Ek wil nie huis-toe gaan nie.”

3.

„Maandjie, jy moet huis-toe gaan,  
Jou vrou-tjie is al dood!”  
„Is sy dood dan bly sy dood;  
Vat haar aan haar nek en gooi haar in die sloot!”  
„Maandjie, jy moet huis-toe gaan!”  
„Ek wil nie huis-toe gaan nie.”

<sup>2)</sup> Vgl. *Nederlandsch Volksliederenboek* (De Lange, Van Riemsdijk en Kalf), p. 195 (Eerste Bundel).

<sup>3)</sup> Dokter.

## 4.

„Maandjie, jy moet huis-toe gaan,  
 Die lykwa is al daar!”  
 „Is hy daar dan bly hy daar;  
 Vat haar by die nek en gooi haar in die wa!”  
 „Maandjie, jy moet huis-toe gaan!”  
 „Ek wil nie huis-toe gaan nie.”

## 5.

„Maandjie, jy moet huis-toe gaan,  
 Die lykwa is al by die graf!”  
 „Is sy by die graf, dan bly sy by die graf;  
 Nou gaat ek die Langstraat af!”  
 „Maandjie, jy moet huis-toe gaan!”  
 „Ek wil nie huis-toe gaan nie.”

Minder duidelik wat die teks betref, maar net so verteenwoordigend as volksuiting is die volgende lied:

## EK SING DAAR EEN LIED.

*Ek sing daar een lied van Jan-nie Coet-ziet, Ek sing daar een*

*lied.. van Per- la- miët, . . . . Vic- tō- ri- a van hoe-*

*ra - sie, Dan drink ons uit 'n gla - sie, Vic- tō- ri- a*

*van hoe - ra - sie, Dan drink ons uit 'n gla - sie.*

## 2.

As hy 'n endjie kers kan kry,  
 Dan is dit tyd om lekker te vry.  
 Viktoria ens.

3.

As hy die meisie vra om te vry,  
 Dan is dit swaar om die jawoord te kry.  
 Viktoria ens.

4.

As die endjie kers uitbrand,  
 Dan is dit tyd om huis-toe te gaan.  
 Viktoria ens.

5.

Die boer se kind was 'n arm kind,  
 Sy hoed van sy kop en sy bol was op.  
 Viktoria ens.

6.

Die boer se kind was 'n gruwelike kind,  
 Hy rem en hy trek van voor aan sy hemp.  
 Viktoria ens.

Die koddige verandering van *Coetzee* onder invloed van die voorafgaande ,lied' is verstaanbaar. Dit geld egter nie vir ,Perlamiet' in die tweede reël van die eerste stansa nie. Sou dit Jannie ,Coetziet' as 'n ,Pêreliet' bestempel? As dit die bedoeling is, dan het die voorafgaande lidwoord weggeval. Word ,Victoria' as uitroep van vreugde aangeneem (en nie as eienaam nie), dan dui die eerste reël van die refrein die feestelike stemming aan waarin die lied gesing word. Die vyfde en sesde stansas is bes moontlik van 'n ander liedjie op *Jannie Coetziet* oorgebring; maar kan tog in verband met die voorafgaande gebring word — hoewel die eerste reël van die vyfde stansa deur die tweede weerspreek word: dis tog onwaarskynlik, dat die ,arm kind' 'n ,bol' sou dra? Word ,n arme kind' egter deur ,g'n arme kind' vervang, dan is die teks meer verstaanbaar.

(2) DIE GHOMMA-LIEDJIES.

„So het dit met ons vaderlandse volksliedjies in die verlede gegaan, en so gaan dit seker nog vandag met hul: hul word gebore op verskillende maniere en plekke, pas hul aan hul geestesomgewing aan, groei soms aanmekaar, soms deur mekaar, en dan weer soos parasiete op mekaar, ontwikkel en lewe in die volksmond, of sterwe uit by gebrek aan aanpassingsvermoë . . .”

*Afrikaanse Minneliedjies* (Boshoff en Du Plessis, pp. 17-18).

Die *Ghomma-lied*, of Afkloplied, soos dit ook genoem word, speel by die Maleier 'n belangrike rol — hoewel dit nie deur hom as 'n waardevolle musiekprodukt gereken word nie; wat dan ook begryplik is, want die Maleise sanger, deurdrenk van die statige Nederlandse lied, is in staat om hierdie liedjies, met hul eenvoudige melodieë en dikwels onverstaanbare woorde, in die regte perspektief te beskou: as pieknieklidjies wat by die ringdansen 'n sekere diens moet verrig. Na die sing van een van die versies van 'n Nederlandse lied, wat dien om die ringdansen te begelei, word 'n *ghomma*-lied ingesit as teken dat die ring moet afklop, sodat die piekniekgangers paarsgewyse kan dans. Dit geskied na elke versie van die Nederlandse lied, gedurende die sing waarvan die ringdansen hervat word; en daar party van die volksliedere 'n tiental versies bevat, word baie *ghomma*-liedjies op een Nederlandse lied gesing. As daar dus dwarsdeur die môre gedans word — en gewoonlik duur so 'n piekniek 'n dag, met slegs 'n onderbreking vir die middagmaal — dan kan ons begryp dat daar 'n groot aantal afklopliedjies by so 'n geleentheid gesing word.

Waarin lê die betekenis van die *ghomma*-lied? Hierbo is gesê dat die gedagtegang van hierdie liedjies dikwels onverstaanbaar en die melodieë<sup>1)</sup> baie eenvoudig is; en tog is hulle 'n belangrike verskynsel in die Maleise volkslewe; want hulle is uitinge van die volksiel, wat in lewende gebruik is; word vervorm en bymekaar gevoeg; party gaan dood, en nuwes maak gedurig hul verskyning.

Waar daar so gesing word, kry ons vrugbare grond vir die uiteindelijke ontstaan van liedere van hoër kunswaarde.

Maar die *ghomma*-lied moet nie net as voorbereidende sangvorm beskou en geduld word nie: hy het sy intrinsieke waarde as aanduiding van die volksgees waaruit dit voortvloei: naïwiteit, realisme en 'n sin vir humor is in dié liedjies te bespeur. Hier kry ons dus 'n natuurlike — al is dit ook 'n naïewe — openbaring van die nasionale kultuur van die Maleier.

<sup>1)</sup> Die melodieë bestaan gewoonlik uit 2-4 akkoorde.

In hul inleiding tot *Het Volksleven in het Straatlied*<sup>2)</sup> word deur Vankenhove en Lepage die ontstaan en eienskappe van die straat-(ghomma-)lied so doeltreffend beskrywe dat ek die para-graaf in sy geheel wil aanhaal:

„Neen, het is het doodgewone straatlied, datgene dat, op het onverwachts (sic), bij eene feestelijke of opzienbare (sic) gelegenheid, wanneer het volk de straat meester is, in een of anderen hoek der stad opklinkt, uit een vindingrijken geest geboren, door een spottenden mond uitgegalmd, door twee, door tien, door twintig kennissen en vrienden met gejuich begroet, door zijn korthed en gemakkelikhed van tekst, door het opwekkende van zijn wijze door allen overgenomen en medegezongen wordt, en dat twee, drie uren later reeds gewijzigd, reeds aangevuld of reeds verminkt in alle stadshoeken weerschalt, door iedereen wordt aanvaard als reeds gekend, als iets natuurliks en voor goed burgerrecht hoeft verworven. *Dat het onvolledig is van zang, dat het een gekende wijze verminkt, dat het zelfs als woorden noch kop noch staart heeft, zijn zoovele zaken zonder het minste belang*<sup>3)</sup>.”

Ek glo nie dat ons die gebrek aan samehang, wat so 'n algemene kenmerk van die Afrikaanse ghomma-lied is, aan die Maleise *Pantoen* kan tuisbring nie. Laasgenoemde is 'n baie gewilde Maleise digsoort, in kwatryn-vorm met viervoetige reëls. Elke voet bestaan uit twee of drie lettergrepe; gekruiste rym word gewoonlik gebruik, maar soms eindig al vier reëls op dieselfde klank. Die mees opvallende kenmerk van hierdie digsoort is die skynbare onsamehangendheid tussen die eerste twee versreëls en die laaste. 'n Paar voorbeelde word aangegee:

Telor itik dari Sanggora,  
Pandan terletak dilangkahi;  
Darahnja titik di Singapoera,  
Badannja terhantar di Langkawi;

waarvan die vertaling as volg lui:

Eende-eiers kom van Sanggora,  
As 'n pandanus<sup>4)</sup> op die grond lê, stap jy daaroor,  
Sy bloed het by Singapoera gevloei,  
Sy liggaam lê by Langkawi.

<sup>2)</sup> *Het Volksleven in het Straatlied*. Deur R. Vankenhove en A. Lepage, p. 2.

<sup>3)</sup> Kursivering van my.

<sup>4)</sup> Middelmattige boomsoort met geurige blare en blomme.

Ook in die volgende *pantoen* kom hierdie eienskap duidelik uit:

Satoe doea tiga enam,  
Enam dan satoe djadi toedjoeh,  
Boeah delima jang ditanam,  
Boeah berangan hanja toemboeh,

d.w.s.

Een, twee, drie, ses;  
Ses en een is sewe;  
'n Granaatpit is geplant,  
Maar 'n kastanjeboom het daar opgeskiet.

Oor die verband — of gebrek aan verband — tussen die twee dele van die *Pantoen* is veel geskryf. In 'n samevatting van die onderwerp spreek dr. Hoesein Djajadiningrat<sup>5)</sup> die mening uit dat die skynbare onsamehangendheid aan vermomming (as gevolg van die invloed van *taboe*-woorde, magiese klanke, ens.) moet toegeskrywe word; en aangesien by die *Ghomma*-lied, as straatlied, nie juis 'n neiging tot kuisheid of fyngevoeligheid te bespeur is nie, kan aangenaam word dat hier geen Oosterse invloed gegeld het nie, en dat die onsamehangendheid enkel aan die aard van die liedjies, as ritmiese dansbegeleidings, in rotasie gesing, toegeskryf moet word.

By die *ghomma*-lied is die woorde van ondergeskikte belang: dis die melodie en ritme — veral laasgenoemde — wat hier op die voorgrond tree. Die woorde is feitlik 'n begeleiding. In dié omstandighede kan begryp word dat die woordbetekenis<sup>6)</sup> nie veel daarop aankom nie: rymklanke, versmaat, alliterasie en assonansie wel; en van hierdie eienskappe is daar oorgenoeg in die tekste wat hier volg, te kry.

Hierdie liedjies is dus die skeppinge van sangers wie se geestesprodukte so 'n kristallisering van die volksgevoel is dat hulle dadelik as volksliedjies aanvaar is<sup>7)</sup>.

<sup>5)</sup> *De Magische Achtergrond van de Maleische Pantoen*. Deur R. A. dr. Hoesein Djajadiningrat.

<sup>6)</sup> Vgl. Boshoff en Du Plessis: „Daar in hoofsaak alleen rymklanke en 'n deur die dansmaat aangegewe ritme nodig is vir die produksie van die piekniek-liedjies, is feitlik enige woordemengelmoes geskik vir die fabrikasie van die vereiste musikale hutspot.” *Afrikaanse Minneliedjies* (p. 20).

<sup>7)</sup> Sien Afdeling II (pp. 29, 30).

Hoewel baie van hulle fragmentaries lyk, is die Afklopliedjies dus, met die oog op wat van die woorde vereis word, waarskynlik volledig.

Die moontlikheid van vermenging is in die geval van sulke liedere, wat in rotasie gesing word en waar die woorde nie daarop aankom nie, besonder sterk. Hiervan sal etlike voorbeelde in Afdeling IV (2b) en in Bylae A gevind word.

Op die vraag, waarom daar so baie van hierdie liedjies by die Maleier te vinde is, kan daar net een antwoord wees: die dans het by die Maleier, in teenstelling met wat by die Afrikaner die geval was, nooit gekwyn nie; en die dansbewegings waarvoor die *Ghomma*-liedjies as begeleiding moet dien, verskaf 'n assosiasie wat sterk genoeg is om selfs die onverstaanbare van baie van die tekste te oorwin.

Wat het van die Maleise liedere geword? Daar heers 'n taamlik algemene opvatting dat baie van ons Afrikaanse liedjies van Maleise oorsprong is. As daarmee bedoel word, dat party van ons pieknieklidjies aanvanklik slegs in Bolandse — en dus ook in Maleise — kring gesing is, dan is daar niks teen in te bring nie<sup>8</sup>); want die Maleier ken nie net Algemeen-Afrikaanse liedjies nie, maar 'n groot aantal wat ons òf verloor, òf nooit geken het nie. As egter bedoel word dat die Afrikaanse liedjies afstam van liedere wat die Maleiers uit die Ooste meegebring het, dan moet ons teen dié opvatting te velde trek; want net soos die Maleier met uitsondering van sekere restante sy taal verloor het, so het blykbaar die ou Maleise liedere wat hy vermoedelik meegebring het, verlore gegaan. Die Maleise woorde (meestal klanknabootsings) wat in party van hul liedere voorkom, is in die Afrikaanse lied gevoeg, en daar is geen aanduiding dat hulle oorblyfsels van ou liedere is wat, soos in die geval van baie Afrikaanse reëls, uit die een lied op die ander oorgebring is nie — hoewel so 'n moontlikheid nie uitgesluit moet word nie. Die hele bou en aard van die *Ghomma*-lied dui egter 'n Dietse afkoms aan, en kan nie aan die Ooste tuisgebring word nie. Hierdie liedere het blykbaar ontstaan nadat Afrikaans al 'n betreklik vaste vorm gekry het, en het dus van die begin af as

---

<sup>8</sup>) Sien *Besluit* (pp. 123-124).

Afrikaanse lied diens gedoen. Dis moontlik dat daar aanvanklik meer Nederlandse taalvorms in hierdie liedjies was, vorms wat met die bestendinging van die Afrikaanse taaleie verdwyn het.

Wat die invoeging van Maleise woorde in die Afrikaanse Afklopliedjies betref, dis 'n verskynsel wat meermale voorkom. Dis heel natuurlik dat daar gedurende die oorgangsperiode — toe Maleis deur Afrikaans vervang is — sulke woorde uit die oorspronklike taal van die sangers tot die nuwe taalmedium sal deursyfer. Die *Krontjong*-liedere<sup>9)</sup> van Nederlands-Indië, waarin Maleise en Hollandse woorde soms deur mekaar vleg, is nie presies van dieselfde aard nie, omdat ons by hulle met 'n meer bewuste vermengingsproses te doen kry; maar wat vorm betref, toon party van hulle 'n ooreenkoms met dié *ghomma*-liedjies waarin daar 'n vermenging van Maleis en Afrikaans voorkom. In die geval van laasgenoemde, egter, is baie van die 'woorde' wat gebruik word, nie in Maleis terug te vind nie en is hulle vermoedelik klanknabootsend. Dis heel natuurlik dat woorde van hierdie aard in liedere, waarvan die woordbetekenis van geen belang is nie, ingevoeg word.

Hoe skraal party van hierdie liedjies ook al op papier mag lyk, moet ons onthou dat die gewenste uitwerking deur 'n kragtige ritme, veelstemmige vertolking, en herhaling verkry word, sodat hulle byna 'n hipnotiese invloed op die dansers uitoefen.

---

<sup>9)</sup> *M. Kerontjong*: eigl. hol enkelringe met belletjies. *Lagoë Kerontjong* was oorspronklik Portugese musiek (*Lagoë* = lied). Die woord word ook vir 'ghitaar' gebruik.

(a) ALGEMEEN-AFRIKAANS MET VARIANTE.

Met uitsondering van 'n paar liedjies wat 'n wysiging van melodie sowel as woorde toon, word die woorde in hierdie afdeling op die bekende wysies gesing. Hulle wyk egter van die gewone<sup>1)</sup> Afrikaanse vorm af. Waar daar afwykings in die melodie, of 'n nuwe melodie voorkom, word dit opgegee.

Baie nugterder as die Afrikaanse vorm is die Maleiers se vertolking van *Staan, Poppie, Staan!* — altans wat die derde en vierde reëls betref:—

Afrikaans:

Staan, Poppie, staan!  
En laat jou gedagte gaan  
Dat jy vir my kan sê  
Hoe ver die liefde lê<sup>2)</sup>.

Maleis:

Staan, Poppie,<sup>3)</sup> staan!  
En laat jou gedagte gaan<sup>4)</sup>.  
Haar eendere been is seer,  
Die esel het geskop.

Opvallend is die gebruik van „eendere” in die derde reël. Moontlik moet die behoud daarvan aan die vereistes van die versmaat toegeskrywe word.

Die bekende refrein:

Dis nie myne nie, dis nie joune nie,  
Dis ander man se goed waar julle om stry,

met sy talryke variante<sup>5)</sup> word deur die Maleiers as volg gesing:—

Dis nie myne nie, dis nie joune nie  
Dis ander man se goed waar jy om dink<sup>6)</sup>.

<sup>1)</sup> Waar daar verskeie Afrikaanse vorms is, word die mees gebruiklike gegee.

<sup>2)</sup> Vir die orige reëls en variante op hierdie liedjie, sien dr. S. J. du Toit: *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (pp. 116-120).

<sup>3)</sup> Ook „Pollie” word gebruik.

<sup>4)</sup> Ons vind dieselfde aanhef in 'n ander Maleise versie:

Staan, Tannie, staan!  
Laat jou gedagtes gaan.  
Dit kan duur so lank in haar jare  
Maar dié met die lokkies wil ek hê.

<sup>5)</sup> Sien *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 191).

<sup>6)</sup> 'n Variant op: „Dis anderman se ding waar julle om *dwing*”? Sien *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 191).

'n Sterk afwyking van die Afrikaanse vorm kry ons ook in die *Hiefel en die Fiefel*<sup>7)</sup> waarvan die algemene liedjie as volg lui:—

1.

Die hiefel en die fiefel,  
En die ha! ha! ha!  
Die hiefel en die fiefel  
En die ha! ha! ha!

2.

Daaronder in die dennebos,  
En die tra-la-la!  
Daaronder in die dennebos,  
En die tra-la-la!

Die Maleise vorm van hierdie lied is:—

1.

Die hiefelarie, fiefelarie  
Hô, hô, hô!  
Die hiefelarie, fiefelarie  
Hô, hô, hô!

2.

In die middel van die dannebol  
Hakskeen toon!  
In die middel van die dannebol  
Hakskeen toon!

Waarvan die tweede en vierde reëls miskien 'n aanduiding van 'n dansbeweging aandui<sup>8)</sup> — of anders by die tal van betekenislose reëls aansluit wat so dikwels by die volkslied aangetref word.

Eienaardig is dit dat in *Aljander, Aljander, al deur die bos*<sup>9)</sup>, waar al die Afrikaanse variante die vorm „mama” en „papa” bevat, die Maleiers naas „memme” en „tata” die deftige „vader” en „moeder” behou het.

<sup>7)</sup> Vir kommentaar op hierdie lied sien *Afrikaanse Volksliedjies* (Boshoff en Du Plessis), p. 43.

<sup>8)</sup> Nou egter nie meer in gebruik nie.

<sup>9)</sup> Sien S. J. du Toit: *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (pp. 111-112).

Die Afrikaanse vorms is:—

Aljander, Aljander, al deur die bos,  
My mama en my papa kook lekker kos.

In die Maleise variant word „kook” deur „eet” vervang:—

Aljander, aljander, al deur die bos  
My vader<sup>10)</sup> en moeder<sup>10)</sup> eet lekker kos.

*Daar kom die Alibama* toon ook afwykings van die vorm wat deur dr. S. J. du Toit aangegee word<sup>11)</sup>:—

Daar kom die Alibame,  
Die Alibame kom oor die see,  
Daar kom die Alibame,  
Die Alibame kom oor die see.  
Nooi, Nooi die rietkooi-nooi,  
Die rietkooi is gemaak,  
Vir die nooi om op te slaap.

By die Maleiers kom slegs die vorm *Alibama* voor, terwyl die refrein enigsins gewysig word:—

Daar kom die Alibama  
Die Alibama kom oor<sup>12)</sup> die see.  
Daar kom die Alibama  
Die Alibama kom oor die see  
Nôï, nôï, die rietkooi-nôï,  
Die rietkooi is gemaak,  
Die rietkooi is vir my gemaak  
Om daarop te slaap.

Langs die Afrikaanse *Bolla wil sy dra*<sup>13)</sup> kry ons 'n byna ooreenstemmende Maleise vorm:—

Bolla wil sy dra,  
Maar hare het sy niet.  
Lappe moet sy vat  
Om die bolla van te maak.

<sup>10)</sup> Var.: „Tata en Memme.”

<sup>11)</sup> Vir variante sien *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 155).

<sup>12)</sup> Var.: „Van” word soms i.p.v. „oor” gehoor.

<sup>13)</sup> Vir Afrikaanse vorm sien dr. S. J. du Toit: *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 129).

'n Vergelyking met die Afrikaanse vorm toon dat met uitsondering van 'n Hollandse restant in die tweede reël (niet) en die invoeging van die lidwoord in die vierde, die twee vorms ooreenstem. Naas die Maleise vorm, hierbo aangegee, bestaan daar egter 'n ander wat aandui dat hulle die Afrikaanse *Rokkies wou sy dra*<sup>14)</sup> ook ken:—

Lokkies wou sy dra  
Maar hare het sy niet  
Maar lappe moet jy vat  
Om die bolla van te maak.

Veel sterker is die afwyking in *Môre, Oompie! Môre, Tannie!*, waarvan die Afrikaanse vorm as volg lui:—<sup>15)</sup>

## 1.

„Môre, Oompie! Môre, Tannie!  
Waar is Sannie dan?”  
„Sannie het gaan water haal,  
Daar onder by die dam.”

Refrein: „Ja, Oompie, ja!  
Môre gaan ons trou!  
Ja, Oompie, ja!  
Môre gaan ons trou!

## 2.

Haar rokkie was 'n skeurtjie in,  
Die jonkman kyk daarna:  
Die jonkman vra om na Sannie te vry:  
Van skaamgeit sê sy: „Ja.”

Refrein: „Ja, Oompie, ja!” ens.

Die Maleiers sing hierdie liedjie op 'n ander wysie en gebruik 'n refrein van 'n heel ander aard.

<sup>14)</sup> Sien Boshoff en Du Plessis: *Afrikaanse Volksliedjies* (p. 30).

<sup>15)</sup> Sien Boshoff en Du Plessis: *Afrikaanse Minneliedjies* (p. 107).

## MÔRE, TANNIE.


O mô-re, mô-re, mô-re Tan-nie, Waar gaat Tan-nie  
 nou? Tan-nie het gaan wa-ter hael Daar on-der by die  
 vlei Haar rok-kie was 'n klein-e skeur-tjie in En die  
 jong-ens die kyk daar-na; En die jong-ens vra vir  
 haar om te vry, Van skaam-geid sê sy som-mer „ja”.  
 Al om die hoe-kie -- hoe-koe, Al om die hoe-kie lê,  
 Al om die hoe-kie -- hoe-koe, Al om die hoe-kie lê.

Of die volgende liedjie as Algemeen-Afrikaans kan beskou word, is moeilik om te sê. In Sutherland kom dit egter in die volgende vorm voor:—

As Piet vir Karlientjie weggooi	}	(bis)
O waar gaan sy dan?		
Oor die see, oor die see,	}	(bis)
Met die oorlogskippie mee.		

Onder die Maleiers word dit, met 'n wysiging van die tweede en vierde reëls en die byvoeging van 'n koeplet wat 'n staaltjie van egte volkshumor bevat, as *ghomma*-lied gebruik:—

## AS PIET VIR KARLIENTJIE WEGJA\*



Waar liedjies vir dansdoeleindes gebruik en in rotasie gesing word, is die moontlikheid van verwarring baie groot. Sekere reëls word deur 'n aantal liedjies versprei, veral as hulle die volksverbeelding aangryp; en soms word die kop van een lied by die refrein van 'n ander gevoeg om 'n splinternuwe samestelling — miskien onverstaanbaar maar nietemin doeltreffend — as dansbegeleiding aan te bied.


\*) In die distrik Koffiefontein (O.V.S.) is daar kleurling-afstammeling van slawe wat die volgende liedjie ken:

Klein konyntjie wegwaai,  
 Waarnatoe nou;  
 Sula het nie hare nie,  
 Katare het nie blare nie;

waarvan die laaste twee reëls weer in *Donna riwa rê* (Bylae A, No. 7) in 'n ander vorm gevind word.

'n Voorbeeld hiervan kry ons in die volgende ghomma-lied, wat die bestanddele van nie minder as drie Afrikaanse liedjies bevat nie:—

HIER EN DAAR 'N DORINGBLAAR.



Die eerste twee reëls van die lied hierbo aangehaal, vind ons in So hier en daar 'n Doringblaar terug. Die Algemeen-Afrikaanse liedjie lui as volg:—

So hier en daar jou doringblaar,  
 Waarom maak jy my hart so naar?  
 So hier en daar jou ou kataar,  
 Die ou kataar is kant en klaar.  
 Eer julle oud word, stom en grys,  
 Het ek julle die ou kataar gewys.  
 So hier en daar die ou kataar,  
 Die ou kataar is kant en klaar<sup>16)</sup>.

<sup>16)</sup> Sien dr. S. J. du Toit: Suid-Afrikaanse Volkspoësie (p. 180).

Die derde reël van die *ghomma*-lied kom in die volgende versie voor:—

My ma 't gesê jy kan my kry  
 (So lank as jy in die Vrystaat bly)  
 So lang as jy die blouperd ry<sup>17)</sup>.  
 Maar as jy na Transvaal toe trek  
 Dan laat jy my so op die plek.

Terwyl in die liedjie *Volstruis is Dood*<sup>18)</sup>, wat 'n variant op die voorafgaande is, die analogie voortgesit word:—

Volstruis is dood en die een is duur;  
 Die swarthaar nooie het my 'n brief gestuur.  
 As jy die blesperd ry,  
 Kan jy na my kom vry;  
 Maar as jy die blesperd wil verkoop,  
 Dan kan jy gerus na jou swernoot loop.

Ook in die lied wat onder die opskrif *Wie kom daar in die vaal pad aan* uit die distrik Rouxville aan dr. S. J. du Toit opgestuur is, kom ons in die derde stansa 'n paar reëls van ons *ghomma*-lied teë:

So lang as jy met die wapen ry,  
 Dan kan jy na my kom vry;  
 Maar net so gou as jy hom laat staan,  
 Dan kan jy maar na jou moer toe gaan<sup>19)</sup>.

Uit Sutherland het ons die volgende vorm van die lied gekry:—

## 1.

Solank as oom Jannie die kolperd ry,  
 Solank kan hy na my kom vry,  
 Maar as hy die kolperd verkoop  
 Dan kan hy na sy moer toe loop.

Refrein: Daardie bruine met die bles  
 Wat die tannics laat dres;  
 Die bruine met die kol  
 Wat die trane laat rol.

<sup>17)</sup> Vir ons doeleindes is die variant op die tweede reël (S.A. *Volkspoësie*, p. 195) van meer belang as dié wat in die lied self aangegee word.

<sup>18)</sup> *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 195).

<sup>19)</sup> Sien *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 196).

## 2.

Daar kom die kolperd weer om die draai,  
 Wie is die boetie wat die kolperd ry?  
 Oom Jannie is die boetie wat die kolperd ry,  
 Hy sal seker vir haar nog kry.

Refrein: Daardie bruine, ens.

## 3.

Solank as oom Jannie die kolperd ry  
 Solank sal oom Jannie na my nog vry.  
 Al is die deurtjie van yster en staal,  
 Die swart-oog gaan oom Jannie daar haal.

Refrein: Daardie bruine, ens.

In sy bespreking van die verse wat onder die opskrif *Wie kom daar in die vaal pad aan* as een lied beskou word, wys dr. S. J. du Toit daarop, dat ons dikwels 'n aantal heterogene verse so saamgeskaar kry, en gee hy as verklaring aan die hand „dat hierdie danse een melodie had, wat hulle tot een groep verenig het”<sup>20</sup>). In hoeverre dit vir die Algemeen-Afrikaanse liedere geldig is, weet ek nie; maar in die geval van die *ghomma*-liedere wat uit sulke heterogene elemente bestaan, lyk dit my of die samevatting nie soseer aan dieselfde melodie toe te skrywe is nie, as aan dieselfde *ritme*. Waar 'n aantal liedjies mekaar soms vinnig moet opvolg, soos by die *ghomma*-danse die geval is, word dit noodsaaklik dat die ritme nie verander nie; en by sulke geleenthede word daar dan ook baie liedjies met weliswaar eenvoudige, maar tog afwisselende melodieë agtereenvolgend gesing; maar die ritme bly in sulke gevalle dwarsdeur dieselfde.

In die geval van *Ou Vader Jakob* kry ons ook 'n sterk afwyking van die Afrikaanse vorm, wat as volg lui:—

Ou Vader Jakob  
 Steek sy pyp vol twak op.  
 Jakob het nie ore nie,  
 Sy ore is toegelak.  
 Maak Antonie vuur in die bos,  
 Vuur in die bos, hoera!<sup>21</sup>)

<sup>20</sup>) *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 196).

<sup>21</sup>) *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (p. 155).

By die Maleiers kry ons die lied in die volgende vorm:—

OU VADER JAKOB.

Ou Va-der Ja - kob steek sy pyp ta - bak op; Hy wil nie  
 hoor nie, sy oor is toe - ge - lak. .... Ou Va-der Ja - kob  
 steek sy pyp ta - bak op; Hy wil nie hoor nie, sy oor is toe - ge -  
 lak. .... Tra la la lil - la - la la lil - la - la la  
 lil - la - la, Tra la la lil - la - la la lil - la - lil - la la.

Die laaste reël van hierdie lied word soms deur die volgende variante vervang:—

- (1) Sy rollie-pollie is daar
- (2) Daar kom die diener aan.

Van die bekende *Siembamba* het die Maleiers, sowel wat woorde as melodie betref, weggebreek. Die algemeen-Afrikaanse vorm, nl.

Siembamba, Mama se kindjie  
 Siembamba, Mama se kindjie  
 Draai sy nek om, gooi hom in die sloot,  
 Trap op sy kop dan is hy dood<sup>22)</sup>

<sup>22)</sup> Vir Afrikaanse melodie sien Suid-Afrikaanse Volkspoësie (p. 136).

duik by hulle as volg op:—

SIEMBAMBA.



In die *Nieuw Rotterdamsche Courant*<sup>23)</sup> het daar onder ander straatliedere die volgende Nederlandse vorm van *Sara! je rok zakt af!* verskyn:—

Sara! je rok zakt af!  
Moeder, het is mijn sleep!  
Snij er dan een stukje af  
En draag hem in de week.

met vermelding dat dit op die wysie van die Boccacio-Mars van Frans von Suppé gesing word.

By die Maleiers het hierdie lied 'n hele verandering ondergaan:—

Sara, jou rok val af  
Wil jy dan maar kyk,  
Al sterf jy by dit honger,  
Al sterf jy by die dood!

waar die laaste twee reëls wel in verband met die eerstes kan gebring word (!) maar in alle waarskynlikheid aan 'n ander lied ontleen en hier bygevoeg is.

By bogenoemde lied word dan ook dikwels 'n refrein gebruik wat klaarblyklik nie by die oorspronklike versie hoort nie, maar deur bygedagte as 'n geskikte aanhangsel beskou en toe aangelas is:—

Haal dit maar uit <sup>24)</sup> ,	}	bis.
Sit dit maar in.		

<sup>23)</sup> 1 Oktober 1933.

<sup>24)</sup> Vir hierdie reël word soms die eufemistiese variant: „Gaat maar uit” gebruik.

*Ek soeke na my Jassie* bevat ook reëls wat in algemeen-Afrikaanse liedere voorkom. Die Maleise vorm is:—

EK SOEK NA MY JASSIE.

*Ek soe-ke na my jas - sie, ek kan my jas nie kry nie. So gaan ek*

*weg en so kom ek weer . . . Maar hier wil ek nie bly nie, want*

*hier is niks van my nie. Kaap is my woon-plaas en daar wat die lief-de*

*le . . . . . Tra la la lil - la - la, la lil - la - la, la*

*lil - la - la, Tra la la lil - la - la, la lil - la lil - la le .*

In die lied *Pick fine, Pick fine, Ja! ja!*<sup>25)</sup> kom die versreëls


Hier wil ek nie bly nie,  
Want hier is niks van my nie

ook voor, terwyl „Kaap is my woonplaas” aan ’n ander reël in dieselfde lied herinner, nl. *Wapad is my woning*. Origens is daar egter geen verband tussen die gedagtegang van die twee liedere nie. „En daar wat die liefde lê” herinner aan die vierde reël van ’n variant op *Staan, Poppie, Staan!* nl. „Hoe ver die liefde lê”; maar hoef nie juis in verband daarmee te staan nie.

<sup>25)</sup> Suid-Afrikaanse Volkspoësie (p. 147).

In O Lammadie, soos die Maleiers hom sing, word ons deur een reël aan Gaat saam met die Wa<sup>26)</sup> herinner.

O LAMMADIE.



'n Weerklank van 'n Afrikaanse liedjie kry ons ook in Die Halladina, waar die reëls weer geen verband met mekaar het nie. Klaarblyklik is die laaste gedeelte uit die Algemeen-Afrikaanse liedjie gelik en by die eerste reëls, wat nogal 'n treffende beeld bevat (!) aangeplak. Vir sover ek kon uitvind, het Halladina geen bepaalde betekenis nie en is dit bes moontlik 'n klanknabootsende stoplap, sonder meer.

Die Maleise liedjie is:—

- DIE HALLADINA.



<sup>26)</sup> Suid-Afrikaanse Volkspoësie (p. 127).

Die Algemeen-Afrikaanse lied waaraan die laaste reëls ontleen is, bestaan self uit heterogene elemente. Die enigste reëls wat vir ons hier egter van belang is, kom aan die begin van die lied voor:—

Die jong wat die koei oppas,  
Hy trap die askoek vas<sup>27)</sup>.

In die Maleise variant op *Oorkant die spruit is 'n goudgeel blom*<sup>28)</sup> word die bokwa 'n „slate-keur wa”, en is die reël waarin dit voorkom, uit verband geruk om by die *ghomma*-lied diens te doen. In die refrein kry ons weer 'n variant op die bekende Afrikaanse *Dis nie myne nie*, ens.

#### DAAR ONDER BY DIE DAM.

Daar on-der by die dam daar staat 'n blom, Hoe sal ek maak om  
daar te kom? Die rooi span os-se met die slate-keur wa,  
Hoe sal ek maak om vir Tan-nie te gaan vra? En dis nie my-ne nie, dis nie  
jou-ne nie, dis Pam-e-la se ding wat jy om dink.

<sup>27)</sup> Vir die lied as geheel sien Suid-Afrikaanse Volkspoësie (p. 146).

<sup>28)</sup> Sien Suid-Afrikaanse Volkspoësie (p. 183).

(b) MALEIS-AFRIKAANS.

Die liedjies wat in Bylae A verskyn, is — vir sover ek weet altans — slegs onder die Maleiers bekend. Party van hulle het waarskynlik by die Maleiers ontstaan; ander was bes moontlik algemene besit wat met die Afrikaner se trek na die binneland om verskeie redes<sup>1)</sup> verlore gegaan het. Dis egter nie onmoontlik nie dat etlike van die liedjies wat aangehaal word, nog in bepaalde distrikte voorkom.

Daar al die liedjies nie afsonderlike behandeling verdien nie, wil ek my — met verwysing na die tekste — by enkeles bepaal:

'n Tipiese voorbeeld van die *ghomma*-lied kry ons in No. I, waar die Afrikaans deur 'n klompie klanknabootsende Maleise ‚woorde’ opgevolg word om die melodie af te rond.

In die straatlied word sake prontweg beskrywe: verfyning en die volksang is nie juis maats nie. In No. II moet die eufemisme dus as 'n toegewing beskou word. Sou ‚sy’ (in die reël: ‚sy’s niet te dom’) hier die plek van ‚hy’ ingeneem het? Neem ons dit aan, en word die woord ‚maar’ deur ‚en’ vervang, dan doel die eerste reëls op ‚skilpad’ en word die liedjie meer verstaanbaar. Waarskynlik is die refrein, soos in baie ander gevalle, sonder enige verband by die liedjie gevoeg — behalwe dat die ritme van albei dieselfde is. *Amina* is in alle waarskynlikheid van die Arabiese *Amin* (Amen) afgelei. ‚Amina toe die ja-ja’ is dus slegs 'n versterking van ‚Hy sê die ja-ja.’ Die invoeging van die *a* kan aan die vereistes van die versmaat toegeskrywe word.

Moeiliker om te ontsyfer is die teks van No. III. Neem ons *atji* (in geval) en *dan* (en) as Maleise woorde aan, met ‚Sarima’ as 'n eienaam, dan help dit nog nie om die eerste twee reëls te ontleed nie. In die refrein kry ons weer klanknaboetsing (*kaliwies, kaliwies, kaliwa*). Eienaardig is die verskyning van ‚Hallelujah’ in 'n liedjie wat deur *Moestims* gesing word.

Dat die straatsanger nie aarsel om 'n amoureuse avontuur realities te beskrywe nie, word deur Nos. IV en V bewys. In No. V is daar weer geen verband tussen die lied en die refrein te bespeur nie.

<sup>1)</sup> Sien Afdeling II, pp. 31-32.

Van gebrek aan samehang — wat soos reeds aangedui<sup>2)</sup>, die *ghomma*-lied nie tot nadeel strek nie — getuig ook Nos. VI en VII. *Magaboera ban* in No. VI is in alle waarskynlikheid 'n teëwig vir ‚Die hart klop aan‘, en stel geen bekende woorde voor nie. Dit geld ook vir *Donna riwa rê* in No. VII.

Van volkshumor kry ons in No. VIII 'n staaltjie; terwyl No. X van moderne datum is: die troepe is aan die uittog, en 'n soldaat in die laaste gelid word aan 'n ooreenkoms herinner, deur iemand wat hom ‚oor 'n duisend jaar' weer sal ken.

Ten spyte van die feit dat die Maleiers aan die Kaap al so lank aan verengelsing blootgestel staan, is dit opvallend hoe min Engelse woorde in hul *ghomma*-liedjies — selfs die modernes — aangetref word. In No. XI kry ons egter 'n voorbeeld van die indringing van 'n Engelse woord — blykbaar sonder rede; want die Afrikaanse ‚môre' sou ewegoed aan die vereistes van die versmaat beantwoord het.

Mooi is die gebruik van ‚niede' (vir ‚nuwe') in No. XIII, waarin die refrein wel by die eerste paar reëls aansluit, om hulle op realistiese wyse te beklemtoon.

Hoewel No. XIV 'n variant op 'n bekende Afrikaanse refrein het<sup>3)</sup>, is die versie self Maleise besit. Hier kry ons weer 'n voorbeeld van die volksanger se gewoonte om geen eufemismes te gebruik nie.

Sou woorde soos *Siegeroleja* (No. XX) oorspronklik 'n betekenis gehad het? Dis moontlik; maar met die oog op die vereistes vir die *ghomma*-lied, lyk dit meer waarskynlik dat ons hier met klanknabootsende woorde te doen het.

Juis omdat die woorde dikwels betekenisloos is, word musikaliteit 'n aanbeveling: mooi, klankryke woorde sluit goed by die paar eenvoudige akkoorde aan om die gewenste uitwerking te verkry (No. XXI). *Tjingalôle* is moontlik 'n sinspeling op *Tjina loa* (Chinese handelaar in oud-roes).

<sup>2)</sup> Sien Afdeling IV: *Ghomma-liedjies*. (pp. 96-98).

<sup>3)</sup> *Suid-Afrikaanse Volkspoësie* (S. J. du Toit), p. 191.

Waarop sou *ouwa* in No. XXIII mik? Interessant is die vermelding van Batavia, wat nog onder die huidige geslag algemeen bekend staan as sinoniem vir Java, omdat aanraking met dié eiland gewoonlik deur daardie stad geskied het.

Een van die min liedjies met woorde aan 'n inlandse taal ontleen, is No. XXVI, wat deur die klankrykheid van die woorde sowel as die melodie besonder geskik is vir die doel waarvoor dit gebruik word. Die woorde is egter so verhaspel dat die betekenis wat die sangers daaraan heg, vir lief aangeneem moet word. No. XXVIII word dikwels as ‚skemliedjie‘<sup>4)</sup> gebruik.

Hoewel No. XXX twee reëls uit 'n bekende Afrikaanse piekniekliedjie<sup>5)</sup> bevat, moet dit onder hierdie afdeling geplaas word. So ook XXXI, waar die eerste reël aan *So ry die Trein*<sup>6)</sup> herinner. Hier kry ons soos in No. XVI 'n oorblyfsel uit die dae toe Napoleon-liedjies aan die Kaap volop was. In XXXII, waar die eerste reël aan *Hier's ek weer met my witperd voor jou deur* herinner, kom 'n staaltjie volkshumor voor.

---

<sup>4)</sup> Sien Afdeling I, p. 14.

<sup>5)</sup> Boshoff en Du Plessis: *Afrikaanse Minneliedjies*, p. 137.

<sup>6)</sup> Du Toit: *S.A. Volkspoësie*, p. 143.

## BESLUIT.

Dat die Kaapse Maleier, as lid van die Slamse bevolking van die moederstad, deel is van 'n samelewing in ons midde wat as gevolg van sy herkoms, geskiedenis, taal en godsdiens sterk individuele trekke toon, het ek in die inleiding tot hierdie werk probeer aandui; en dat hy deur aanraking met die Hollands-Afrikaanse koloniste, en veral die deurvarende matrose, 'n aantal liedere vir ons bewaar het, blyk uit die stof wat in Afdelings III en IV opgeneem is.

Soos deur Afdeling IV en Bylae A aangedui, bloei die pieknieklied onder die Maleiers. Hierdie *ghomma*-liedjies bevat, langs veel wat ook in Algemeen-Afrikaanse kring bekend is, 'n groot hoeveelheid stof wat ons nie besit nie; en 'n mens kom onwillekeurig voor die vraag te staan: het ons hierdie stof verloor, en is die piekniek-liedjies deur die Maleiers uit die Afrikaanse liedereskat oorgeneem — of was die teenoorgestelde die geval?

Só nou is die verwantskap tussen die Maleise en die Afrikaanse pieknieklied dat wedersydse beïnvloeding veilig aangeneem kan word. Soos in die geval van die taal, het die aanvanklike stukrag van Afrikaanse kant gekom, want die Maleier het in hierdie liedjies die Europese toonstelsel aanvaar; maar daarna was die invloed wederkerig, want volgens die taalvorm en inhoud is hierdie liedjies nie juis produkte van spesifieke Maleise of Afrikaanse aard nie, *maar van die Bolandse samelewing as geheel*. Partykeer het 'n liedjie in Maleise, dan weer in Afrikaanse kring ontstaan om — indien gewild — deur die ander deel van die bevolking oorgeneem te word.

Soms lyk dit of ons die Maleis-Afrikaanse *Ghomma*-liedjie deur naïwiteit en growwe realisme van die Afrikaanse kan onderskei; maar waar die volkslied (en veral die straatlied) dikwels sulke trekke bevat — in watter ontwikkelingstadium die volk ook mag verkeer — sou dit gevaarlik wees om sy oorsprong op grond hiervan aan die Maleiers toe te skrywe; want ons kry

Afrikaanse liedjies wat dieselfde trekke bevat, terwyl daar onder die Maleise pieknieklidjies weer voorbeelde van 'n meer verhewe uiting te vinde is. So groot is die ineenvloeiing, en so treffend die ooreenkoms, dat ons gedwing word om 'n gemeenskaplike samelewing, soos in die Boland bestaan het, as die bakermat van hierdie pieknieklidjies, Maleis sowel as Afrikaans, te aanvaar.

Om verder te gaan, en hul oorsprong — soos in die geval van so baie van ons volksliedere — op vreemde bodem te gaan haal, sou m.i. nie veel vrug afwerp nie: sowel taalvorm as inhoud dui aan dat die groot meerderheid van hierdie liedjies ontstaan het nadat Afrikaans 'n betreklik vaste vorm gekry het. Die aanwesigheid van 'n enkele vreemde taalvorm (b.v. Maleis of Hollands) kan uit die gebruik van hierdie tale in Kaapstad verklaar word, en hoef nie as bewys van vreemde oorsprong aanvaar te word nie. Dit sou b.v. moeilik gaan om sulke inheemse produkte soos Nos. VIII, X en XXIV (Bylae A) aan Hollandse invloed toe te skrywe; en wat melodieë betref, toon die Maleier se pieknieklidjies geen sweem van Oosterse invloed nie. Hier en daar<sup>7)</sup> word weliswaar liedjies van vreemde oorsprong onder die groot aantal inheemse pieknieklidjies opgeneem; maar omdat Franse woorde in die Gentse straatlied voorkom, en Franse liedjies in hul geheel in die Hollandse volksmond burgerreg verkry het, word tog nie aangeneem dat die meerderheid van die Hollandse straatliedjies 'n uitheemse oorsprong het nie. In die geval van die deftiger vertellende lied vind ons soms 'n gemeenskaplike tema by baie nasies terug; maar die straat- of pieknieklid is in nege uit die tien gevalle 'n egte volksprodukt, waarin die eienskap van die volksmassa opgevang en weerspieël word.

Hoewel hierdie liedjies ook hul oorsprong in die laaste instansie aan die een of ander volksdigter te danke het, is hul ontstaan so deur volksgeleenthede omsluit<sup>8)</sup> en deur byvoegsels van verskillende kante vertroebel, dat hulle as gemeenskapsprodukte beskou word; en dit sou ewe moeilik gaan om hulle skeppers aan te dui as om die oorsprong van party middeleeuse ballades vas te stel.

<sup>7)</sup> Sien No. XXVI. (Bylae A.)

<sup>8)</sup> Vankenhove en Lepage: *Het Volksleven in het Straatlied* (p. 2).

Die deftiger volkslied wat by die Afrikaner om verskeie redes<sup>9)</sup> in onbruik geraak het, bloei nog by die Maleier; maar loop gevaar om te verdwyn. Soos die tekste van Afdeling III en Bylae B aandui, is party van hierdie liedere onverstaanbaar; en by die vertellende lied is onverstaanbaarheid 'n voorloper van die dood.

Juis hier is dit waar die verpligting om te help op die Afrikaner rus. Hierdie liedere lewe, en kan in ere herstel word: uit die as van 'n verwronge melodie en onverstaanbare woorde kan die feniks van 'n nuut-geworde lied die Afrikaanse blou insweve. Deur die verskaffing van bronvorms kan ons die Maleise sangers inspireer, en erfgoed ontvang wat hulle vir ons in pag gehou het.

Op die gebied van die lied, dus, behoort kulturele aanraking tussen die Afrikaner en hierdie sy van ons samelewing nie uitgesluit te word nie. Langs watter weg dit moet geskied, is 'n ander vraag: moet daar slegs parallelle ontwikkeling wees, of moet ons, met inagneming van die landsomstandighede, samewerking probeer verkry waar dit punte van onderlinge kulturele belang geld?

Soos elders aangedui<sup>10)</sup>, hoef aanraking geen skending van die kleurslagboom mee te bring nie; en die Afrikaner het 'n ontwikkelingsstadium bereik, waar positiewe aanwerwing van alles wat hom eie is die plek van 'n negatiewe, afwerende houding moet inneem, om te voorkom dat die vreemde invloede wat van alle kante instroom, en waarvan sy kultuur reeds in groot mate deurtrokke is, die inheemse geheelenal verdring.

Die Kaapse Maleier het vir ons 'n kultuurskat bewaar. Op ons rus die verpligting om die kulturele versterking wat hy ons aanbied, te aanvaar.


---

<sup>9)</sup> Sien Afdeling II (p. 31-32).

<sup>10)</sup> Sien Afdeling I (p. 19).

BYLAE A: GHOMMA-LIEDJIES.


## I




## II




## III




*At - ji Ma - ko - ni dan Jo - han - na. Saai, soei, saai, Sa - ri - ma,*



*At - ji Ma - ko - ni dan Jo - han - na. Saai, soei, saai, Sa - ri - ma...*




*... Ka - li - wies, ka - li - wies, ka - li - wa, Hal - le -*



*lu - jah!..! Ka - li - wies, ka - li - wies, ka - li - wa, Hal - le - lu - jah!..*


## IV




*Hoet - jies - baai, Hoet - jies - baai, jou maag is vol met sui - ker,...*



*Hoet - jies - baai, Hoet - jies - baai, jou maag is vol met sui - ker,...*



*As ek die ding kon - lant be - taal, dan skop ek die ding vol sand.*



*As ek die ding kon - lant be - taal, dan skop ek die ding vol sand.*

## V

*Jan Vil-jé, os in die land, Keer hom voor by die hek-kie dan.*

*Jan Vil-jé, os in die land, Keer hom voor by die hek-kie dan.*

*Ting-e-ling-e ling, jy het my ding, Ting-e-ling-e ling, jy gee my ring.*

*Ting-e-ling-e ling, jy het my ding, Ting-e-ling-e ling, jy gee my ring.*

## VI

*Mô-re gaat Tan-nie na die Baai, na die Baai, na die Baai, na die*

*Baai, Die mei - de trek die lyn op-sy. Ma-ga-boe-ra ban, die*

*hart klop aan. Ma-ga-boe-ra ban, die hart klop aan*

## VII




---

<sup>1</sup>) Var.: Santoe.

## VIII

Een-dag kom ek daar ver-by      Wat 'n le-li-ke sheel-oog meid!

... Die meid die vra vir my om te vry.... wat 'n le-li-ke sheel-oog meid!

... On-der haar oog's 'n kar-ka-'tjie, On derhaar neus is 'n vra - tjie --

... On-der baad-jie jou bo-baad-jie,.. On-der ste-bo .. baad-jie --


## IX



Daar on-der in die paad-jie, daar lê 'n hond-jie dood. Hond-jie se



stert-jie was af - ge - sloot. Ons se baas se koei-e, - - Ons se baas se



koei-e, Die bok-kie skree a - mê! En hy wil 'n stuk-kie hê




Ons se baas se koei-e, - - Ons se baas se koei-e, - - Die




bok-kie skree a - mê! En hy wil 'n stuk-kie hê

## X




Ar - til - le - ry, jou laas - te krul - kop, Oor 'n dui - send jaar dan kon ek jou maar



weer! Ar - til - le - ry, jou laas - te krul - kop, Oor 'n dui - send jaar dan kon ek jou maar



weer! As jy van my niks weet nie, dan sal ek . . . van jou nooit



spreek nie, As jy van my niks weet nie, dan sal ek van jou nooit spreek nie.

<sup>2)</sup> Vgl. die Nederlandse kinderliedjie:

Daar onder in het water  
Daar ligt een hondje dood.


## XI



## XII



## XIII




---

3) Nuwe.

## XIV

Nu-we-lies ge-trou, arm... ge-bly; Nou't die vrou se kind-jie al haar  
 tand-jies ge-kry. Sy's so dik en so vet, so pu-re spek;  
 Sy is so par-man-tag en haar noer in met haar bek. Is nie my-ne nie, is nie  
 jou-ne nie, is an-der man se goe-lers wat jy ag-ter loop.

## XV

Hoor wat sê die men-se, hoor wat sê die men-se, Hoor wat  
 sê die men-se, Ka-nal'-dorŕ se men-se: Al wil my na nie hê nie, Al  
 wil my pa nie hê nie, Al wil my ma nie hê nie, Naar A-der-jan bly nie hier nie  
 Wat word dan van my... Wat word dan van my? Wat word dan van my? Die  
 non-na wat die bol-la dra. Die non-na wat die bol-la dra... Die  
 non-na wat die bol-la dra, Die non-na wat die bol-la dra, Laal sy in die taai-bos lê.

4) Sien Afd. I, p. 13.

XVI

  
*Laas in die fi-re in die bam-boes-krakal.. Wie is ge-luk-kag van Na-*

  
*po-le-on?..... Ag my lief-ie, ge-luk-kag le-we van Na-*

  
*po-le-on; Wie is ge-luk-kag van Na-po-le-on?..... My*

  
*vrou en kin-ders het sa-me-ge lê, ge-luk-kag le-we van Na-*

  
*po-le-on. Wie is ge-luk-kag van Na-po-le-on?*

XVII

  
*My mam-ma het 'n hond-jie, en sy naam was Dok-kis.*

  
*Wie maak 'n saak van 'n ou voet-slof-fie?.....*

  
*We-mel, kin-ders, we-mel, sta-dig oor die heu-wel.*

  
*We-mel, kin-ders, we-mel, sta-dig oor die heu-wel.....*

  
*... Ab-dol draai die or-rel, Ab-dol draai die*

  
*or-rel, Ab-dol draai die or-rel, Vi-ool staan styf.....*

## XVIII

Ek koop van-jaar 'n nu-we pot kas-trol. Oom Jan-nie As-man sal al-  
leen in die bak-kie rol. Skol-lie ba - lie, skol-lie  
ba - lie, skol-lie ba - lie, nog 'n stuk - kie.

## XIX

Oe la la my ma, kyk hoe slaat hul-le vir my;  
Oe la la my ma, kyk hoe slaat hul-le vir my; Oe la la my ma, kyk hoe  
slaat hul-le vir my moet die kie - rie op my kop.


## XX

Tee tee tam-me-la, Tee tee tam-me-la, Saar-tjie kom lê,  
Saar-tjie kom lê. . . . . Hô ja hô, . . . . . Sie-ger-ol - e -  
. ja . . . . . Hô ja hô, . . . . . Sie-ger-ol - e - ja . . . . .

## XXI



## XXII



## XXIII



<sup>1</sup>) Var. Wia Stendeli.

<sup>2</sup>) Sien Afdeling I, p. 11.

## XXIV



Ou-ta-ta maah o-pe deur<sup>3</sup>, Bob-be-ja-ne by-te my.



Se-we lap-pe bo me-kaar, Vat jou broek en lap hom daar.

## XXV



Pap-pa ek-ke land-toe gaan, Mam-ma ek-ke land-toe gaan,



Reg-lig waar die waarheid praat, Almal die men-se het ge-sê, Pap-pa ek-ke land-toe gaan.

## XXVI



Ê - wê, ê - wê jou dan-die Ga-



li - ma wa-ju son - ga - - Son-ga a - ba - kai - a...<sup>4</sup>

<sup>3</sup>) Vgl. Boshoff en Du Plessis: Afrikaanse Minneliedjies (p. 162).

<sup>4</sup>) Vry vertaal (volgens die sangers):

Ja, ja, ons het brood;  
Galima ons het bier.  
Nou gaan ons huis-toe.

## XXVII




*Al - ker - man die lek - ker man, Ak - ker - man. Al - mal die mei - de hou daar - van,*




*Al - ker - man. Al - mal die mei - de hou daar - van, Ak - ker - man.*

## XXVIII



*Sa - ra van die sol - daat, Sa - ra Sol - da - de<sup>5</sup>.*



*A - li - pa - pa, li - pa, Die tan - nie wat die bol - la - dra.*

## XXIX



*Daar kom die ser - geant, die ser - geant, die ser - geant,*



*Daar kom die ser - geant, Ser - geant Num - ber One.*



*Lek - ker ta - ma - tie ker - rie - kos, met sui - ker - boon - tjes daar - by.*

<sup>5</sup> Soldadoe? (Mal. vir 'soldaat'). Anders het dié vorm onder invloed van die melodie, wat 'n ekstra lettergreep vereis, ontstaan.

## XXX




## XXXI



## XXXII



## XXXIII



## XXXIV



<sup>6</sup>) Kielie.

<sup>7</sup>) Die volgende versies word soms bygevoeg:

Eikeboom het sy bas (bis)  
Die onderveldse meide  
Moet hul vuile voete was.

So loop ons deur die dou (driemaal)  
Met 'n ander man se vrou.

## XXXV

As die sek-re-la-ris uit die en-der-veld kom, Dan lyk die sek-re-la-ris soos 'n  
 wit-te le-lie-bom; Gooi la-pi-li-pi, Gooi la-pi-la,  
 Gooi la-pi-li-pi-li, gooi la-pi-la *FINE* Goe-ie baas en 'n goe-ie nooi,  
 Wyn drink, ko-ring sny, Gooi la-pi-li-pi, gooi la-pi-la. *D.S. al Fine*

## XXXVI

Sus-ters, broe-ders, slaap jul-le nog? Hoor jul-le nie dat die  
 skool-klok lui? Hal-le-lu-jah... Hal-le-lu-jah, Hal-le-  
 lu-jah, Stuur die kin-ders na die klein skool-tjie

## XXXVII



## XXXVIII



## XXXIX

Spier - e - wit ga - poe - ier, het nie bê - ren - dous nie, het nie  
 bê - ren - dous nie . . . . . Spier - e - wit ga - poe - ier, het nie bê - ren - dous  
 nie, het nie bê - ren - dous nie . . . . . *S* Bol - la wil sy dra, sy't nie  
 Lap - pe moet sy vat, om 'n  
 ha - re nie, het nie ha - re nie Bol - la wil sy  
 bol - la van te maak, om 'n bol - la van te maak . . . . . Lap - pe moet sy  
 dra, sy't nie ha - re nie, het nie ha - re nie *D.S. al Fine*  
 vat, om 'n bol - la van te maak, om 'n bol - la van te maak . . . . .

XL<sup>o</sup>).

Baie terima kasih<sup>10</sup>), al die nonnies, } (bis)  
 Al die nonnies.  
 Maak vir julle klaar om nou huistoe te gaan, } (bis)  
 Om nou huistoe te gaan.  
 Baie kiri slam<sup>11</sup>) by die huis se kant,  
 By die huis se kant.  
 Jan Kalina swaai tot die eerste hoender kraai,  
 Tot die eerste hoender kraai.

8) Die berendous is die krulletjie wat die Maleise vrouens net bokant die slape dra.

9) Op dieselfde wysie as XXXIX gesing.

10) Dankie.

11) Kirim salam — die vredegroet oorbring.

XLI<sup>12)</sup>

## XLII



<sup>12)</sup> Nuwe ghomma-liedjies word nog altyd gemaak.

BYLAE B: OORLEWERINGS: HOLLANDS.

Hiermee 'n aantal ongespoorde oorlewerings.

Dis moontlik dat party van hulle nooit 'n boekvorm belewe het nie, maar as „Kaapse Maakloon” in die volksmond alhier ontstaan het.

Party van hierdie liedere is weens verhaspeling onverstaanbaar, maar word nog met 'n treffende eenvormigheid gesing.

Wat die oorspronklike vorms egter ook mag gewees het, hier het ons 'n aantal liedere wat gevaar loop om met die ouer geslag te verdwyn.

Hierdie oorlewerings bestaan meestal uit „Minnatliedere” (minneliedere) wat om die bruidstafel gesing word. Dikwels sing die mans en vrouens om die beurt. Die minneliedere bestaan dan ook uit twee soorte, een waarvan gewoonlik deur mans, die ander deur vrouens gesing word.

Dat die meeste oorlewerings uit minneliedere bestaan, is begryplik: hierdie *genre* kry by die volksanger altyd die voorkeur.

Die liedere word gegee met die hoop dat belangstellendes hulle mag herken; en enige inligting omtrent die bronvorme sal op prys gestel word.



## 'S MORGENS VROEG.

'sMorrens vroeg als het son aan het he-mel  
 strale, sal ik om mijn lie-ve ma-gie den... ken-ik  
 sie daar een wei-nag tot mijn.. ver-reu-ge  
 Wat ik... hier, hier.. een.. min-naar sei-de, 'sMorrens  
 -rens vroeg als het son aan het he-mel s'waal.

2.

Staat ik op reis, kom laat wij wandelen,  
 's Morregens vroeg ik siet de sonneskijn.  
 Als ik uit de bosje komen,  
 Sprak gij met mij allenen,  
 Waar staat ik hier langes de bomen.

3.

Kus mijn wangen dat de son op u strale,  
 Verre van u bent ik alleen.  
 Wij sijden<sup>3)</sup> bei met elkander geseten,  
 Is niet waar sterren licht,  
 Wij sijns tesaam met u allenen  
 's Morregens vroeg als wij einde raad  
 Blij wij tesaam als man en vrouw<sup>4)</sup>.

<sup>3)</sup> Heel waarskynlik: zijn, wat oor twee note gerek word en dan hierdie vorm aannem.

<sup>4)</sup> Hierdie lied is 'n voorbeeld van die verhaspeling wat in baie van die oorlewering voorkom en wat in party reëls tot onverstaanbaarheid lei. Die algemene strekking is hier nie so maklik vatbaar soos in die vorige lied nie, want die reëls weerspreek mekaar. Die Maleiers sing die lied blykbaar sonder 'n duidelike begrip van die oorspronklike gedagtegang. Volgens die aanhef van vers 2 en 3 is dit 'n afskeidslied. Die psalmagtige melodie, vierstemmig gesing, is selfs met die verhaspelde teks aangrypend.

## HOOG HOLLAND.



2.

Dese vader, dese moeder verlaten moes verlaat, (bis)  
 En Holland, ja, en Holland, } (bis)  
 Dan moet soldaten zijn.

3.

Dese moeder, dese vader ging uit voor de Leidsland<sup>o)</sup> deur. (bis)  
 „Seg liefde Leidsland kwam hier uit, } (bis)  
 Kom geeft mijn soon maar weer.”

4.

Maar ik kon u soon niet geven, want hij kos mij soveel geld, (bis)  
 Ik sal met hem gaat swerreven } (bis)  
 Op een verre wijde veld.

5.

Op een verre veld, op een wijde veld, op een verre wijde veld, (bis)  
 Op een verre, ja, op een verre veld } (bis)  
 Al de mooie meisjes is gesteld.

<sup>o)</sup> Leidsman?

EEN SEEMAN KOM LAAS BINNEN.



Een see-man kom laas bin-nen . . . Van Ne - ve - lîc ses jaar . . .  
 .. Hij was daar ver-heug van sin-nen... Dat wiet hij niet gijn  
 vaart op. Eens klaps liet hij va-der Daar hij geen deel aan  
 haar . . . . . Sijn vrou-tje kwam hem na-der en zeg: „O lie-we  
 skaad'w: Drink.. bai-e pan-tje<sup>7</sup> wijn, Ho ho ho ho ho ho . . . . .  
 Heer-lik kan drin-ken zijn, Ho ho ho ho.. ho.. ho.... Een  
 heer-li-ke glas Bar-deaux, Ho ho ho ho ho ho . . . . . Een  
 heer-li-ke glas Bar-deaux, Ho ho ho ho ho ho . . . . .

2.

Sijn vroukje was laas jarag,  
 Haar man gaf haar een soen:  
 „Seig, Vroukje, wees flambarig!”  
 Ook tegen haar fatsoen.  
 Sij seig; „Jou malle kerel,  
 O Man, wat doet jij nou!  
 Skaam jij voor de biere!”  
 Maar ek drink een enkele bier.

Refrein: (Soos hierbo).

Sijn vroukje kreeg veel kinderen,  
 Sij klagen dit aan haar man.  
 Hij seig<sup>8)</sup>: „Dit sal niet hinderen,  
 Dat wiet u selves van.  
 Toen ik jou hart ontnomen,  
 Dat wiet u selves van!”  
 „Skaam jij voor de biere!”  
 Maar ik drink een enkele bier.

## KOM HOOR, MATROSIES.

Kom hoor . . . ma - tro - sies, die en<sup>9)</sup> 't rond-ke  
 slaan, Will.. gij e - ne - re ces van mijn aan ho - ren?  
 Dit was .. al - door .. een val - sec voor - keert ..  
 .. Die't sij mij in 't voi - re - driet .. doot ko - ..  
 - men, Mijn waar - de ziels - vriend - in die ik so leer be - mint .. Is  
 sij voor mijn ge - bo - ren, sij slaan al en mijn sin.

<sup>8)</sup> Zeg. Miskien vir verlede tyd bedoel?

<sup>9)</sup> In.

## 2.

Ik heeft naar haar gijvrij omtrent twee jaar,  
 Ik was aldoor mijn lief gijpresen.  
 Maar ach, dink hoe dat ik voor slaven<sup>10)</sup> staan.  
 Ik heeft haar door dit valsheid niet gijnomen.  
 Ik gaf haar geld en goed,  
 Ja, en dit overvloed,  
 Met valse sielen, vrienden, heeft sij al mij begroet.

## 3.

Dit was al op een avond onverwach,  
 Toen ik bij mijn soetelief gijkomen,  
 Een ander magie stond en mijn gijdacht,  
 Sij stond al en mijn hart en wesen.  
 Ik was en dit leiderhang,  
 Heeft sij so aangijrang<sup>11)</sup>,  
 Ik heeft mijn lief doorstoken, en wij vluchten van elkaar.

## 4.

Hier leit deser magie al en haar bloed versmoor,  
 Maar ach, dink hoe begon mijn hart te jachte!  
 Maar ik riep: „O God, wat een bitter, droewig klach,  
 Hoe kan dit liefde mijn sou plagen?  
 Ik sweet dit ganske nacht al met wreed gijdag.”  
 Die patroljie heeft mijn gijvangen,  
 Naar dit gevangenhuis gijbracht.

## 5.

Ik word voorbracht al tusken de dubbele wacht,  
 Voorbracht voorbij mijn ouers sijn deuren;  
 Maar ach, dink hoe dat mijn ouers sijn hart moes treuren  
 Dat ik die wreke<sup>12)</sup> dood moet sterven.  
 Ik was en 't droewig staat,  
 Ik hoor dit doodslag slaan.  
 Voor mijn is g'n genade, na de doodplek moes ik gaan.

## 6.

Met ener kloeke moede knielen ik al neer,  
 Maar ik riep: „Jongsmans, die 't hier nog lieven<sup>13)</sup>,  
 Kom neem toch een exempel van mijn af.  
 Ik heeft haar door de valsheid niet genomen.  
 Jongsmans, wees altemaal )  
 Die al in dit rondte staan, ) (bis)  
 Ik heeft mij lief doorstoken en naar dit ewigheid moes ik gaan.




<sup>10)</sup> Verslagen.

<sup>11)</sup> Aangerand?

<sup>12)</sup> Wrede.

<sup>13)</sup> Leven.

# HOE HARD IS DIT OP DESE AARDE.



2.

Vaar dan maar wel mijn gijlfste minnaar,  
Want gij denk toch aan u soetste lief sijn woord;  
Gij denk toch aan dit nieder of duien mallen  
Totdat dit cinde en het voordriet sal sijn.

3.

Gijlfste minnaar, gijlecn toch jouw ore  
Voor ik een ander uitverkore  
Sijt' betere gaat socken, maar sijt' slechte gij vonden,  
Dan hoop ik dat dit Here haar bijstand maz sijn.

4.

Wee is gooie vrienden van buite en van binnen,  
Toe siet hij haar minnaar staan en<sup>19)</sup> het wei.  
Nou is hij van haar weggijgaan was sou een grootste kwaad;  
Toe siet hij haar minnaar met een ander soetste lieve staan te  
praat.

5.

Gijlfste minnaar, gij siet met jouw ogies  
Hoe hard dat ik hier op dit aarde lief,  
Haar hartseer en droevigheid want dit sijn sou grote,  
Want dit sal blijf staan tot en haar dood,  
Maar skep u maar goeden moed<sup>20)</sup>  
Seer sal worden stroopsoet,  
En hij heeft sou vriendelik al na begroet.

19) En.

20) Melodie verander hier, was in een

## SOU EK DAAR EEN VROUENTJIE.

Sou ek<sup>17)</sup> daar een vrou-en-tjie uit wan-de-lijk uit-gaan . . . Met  
al<sup>18)</sup> haar.. lief-ste man . . . Koop-man die't haar sou.. kom  
te - gen, . . . Kom te - gen als een vrouw . . .  
.. Nou seg sij die't haar man-ne-tjie moet ach-ter-blij-ven moet.

2.

Die meisje word belistag<sup>20)</sup> ener profijt;  
 Toe raak sij haar mannetje al kwijt.  
 „Ach Jannetje, weg met al een kokarten!  
 Maar loop maar eens sou gauw.”  
 Maar onderwyl dan sal die koopman speel al met sijn vrouw.

3.

De Koopman seg: „Is niets gijdaan?”  
 Toe kwam sij met haar geld weder aan:  
 Nou sal ons vrolijk leven, (bis)  
 Dan sal ik maar blijf al tot de koopman sijn.

4.

Dit was voor mijn sou een pijn,  
 Dat ik dese worings<sup>21)</sup> moes dragen.  
 Dit was voor mij sou in het verdriet.  
 De vele die't ik dragen, dat wiet ons niemand niet.

<sup>17)</sup> Blykbaar oortollig — tensy ons die eerste woord deur sag vervang.

<sup>18)</sup> Wandelen.

<sup>19)</sup> Al met. <sup>20)</sup> Belust.

<sup>21)</sup> Horings.

## SOETSTE LIEF MEISJE.



2.

Ik kan bij u nog lang gijblijven,  
Ik kan bij u nog lang gijsuim<sup>22)</sup>.  
Ik moet van u nou weg afkere  
Om naar dit oorlog te marsere.

3.

Dese Napoleon, hij kwam sou onverwacht;  
Wat maak hij bij sijn soetste lief in dit nacht?  
Hij doet sijn diens met gerustagheid.  
Adieu, vaarwel, vergiet mij niet.

<sup>22)</sup> Verzuimen.

BYLAE C: HOLLANDSE BOEKLIEDERE<sup>1</sup>).

---

<sup>1</sup>) Sien p. 47.

1. Al is 'er ons prinsje nog zo klein.
2. Als de klare zomernacht.
3. Aan d'oever van een snellen vliet.
4. Beelden uit mijn kinderjaren.
5. 't Blij hoezee wordt aangeheven.
6. Brengt mij nog niet te ruste.
7. Boshe Zaria.
8. Daar ging een patertje langs den kant.
9. Daar was laatst een meisje loos.
10. Daer dreunt het geschut en de vlag gaat in top.
11. De kabels los, de zeilen op.
12. De Jagers van Van Dam.
13. De lange dag is weer voorbij.
14. Des winters als het regent.
15. Elize, 'k zag u en beminde.
16. Er waren twee koningskinderen.
17. Ferme Jongens, wakk're knapen.
18. Gij, gij ligt mij aan 't harte.
19. Gij schitterende kleuren van Nederlands vlag.
20. Gij zijt er zo lief en aanminnig.
21. 'k Heb in de band van het trouwen geen behagen
22. Heb je van de Zilveren Vloot wel gehoord?
23. Het wordt duister, mijn roosje.
24. Het edele kind van Napoleon de Grote.
25. Ik ken een lied dat het hart bekoort.
26. Ik sta vol weemoed nog te staren.
27. In naam van Oranje doet open de poort.
28. Io vivat.
29. 't Is plicht dat ieder jongen.
30. Karel minde Rosa teder.
31. Kent gij het land der zee ontruikt.
32. Lieve schipper vaar mij over.
33. Mijn Julia is mij ontnomen.
34. O Heer, waar mag mijn minnaar wezen.
35. O Nederland, 'k breng u mijn hulde.
36. Niets is op deze aarde bestendig.
37. Nu trekt de boer een paar klompertjes aan.

38. Teder minde Charlos Lijda.
39. Toen ik voor de eerste maal ging varen.
40. Vaarwel, bruidje schoon.
41. Vaarwel, mijn dierbaar vaderland.
42. Van mannen in oorlog, van mannen in vree.
43. Ver in 't zuiden ligt mijn Spanje.
44. Wat is het leven hier op aard.
45. Waar de orkanen donderend loeien.
46. Weest begroet met jubeltonen.
47. Weest gegroet, geliefde velden.
48. Welkom, welkom Vaderland.
49. Wien Nederlands Bloed.
50. Wilhelmus van Nassouwe.

## BIBLIOGRAFIE.

(Waar 'n werk slegs eenkeer aangehaal is, word dit in die reël deur 'n voetnoot aangegee en verskyn dit nie in onderstaande lys nie. Hierdie lys bevat egter 'n paar boeke (met 'n sterretjie aangedui) wat nie regstreeks op die onderwerp toegepas is nie, dog by die behandeling daarvan as algemene agtergrond gedien het.)

- \*Arnold, Sir Thomas      The Preaching of Islam, Londen. 1896.
- \*Baudisch, A.              Het Problem van de Stille Kracht. Weltevreden (Batavia), 1926.
- Boshoff, S. P. E.          Volk en Taal van Suid-Afrika. Pretoria, 1921.
- Boshoff, S. P. E. en  
Du Plessis, L. J.          Afrikaanse Pieknieklidjies, 1918.  
Afrikaanse Minnelidjies, 1921.
- Bosman, D. B.              Oor die Ontstaan van Afrikaans. Amsterdam, 1923.
- \*Colquhoun, J. C.          An History of Magic (2 dele), Londen, 1851.
- \*Couperus, L.              De Stille Kracht. Amsterdam, 1900.
- \*De Haan, F.                De Preanger Regentschappen Onder het Nederlandsch Bestuur tot 1811.
- De Kock, J. J.              Verzameling van Hollandsche Liederen. Kaapstad, 1836.
- De Lange, D.,  
Kalf, G. en  
Loosjes, A.                Nederlandsch Volksliederenboek (2 bundels). Amsterdam, 1922. Leiden, 1928.
- De Lima,  
J. Suasso                  Gezelschapsliederen (Derde Bundel). Kaapstad, 1852.
- Djadjadingrat, H.         De Magische Achtergrond van de Maleische Pantoen. Batavia, 1933.
- Duff-Gordon, Lady      Letters from the Cape. Londen, 1917.
- Du Toit, S. J.              Suid-Afrikaanse Volkspoësie. Amsterdam, 1924.
- \*Frederico                 Historiese Volksliederen. Gent, 1894.
- Groenewald, C. F.        Rympies en Raaisels. Den Haag, 1919.
- Hesseling, D. C.         Het Afrikaans. Leiden, 1923.
- Kalf, G.                    Het Lied in de Middeleeuwen. Leiden, 1884.
- \*Leibrandt, H. C. V.      Rambles through the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope (1688-1700).
- \*Le Jeune                  Nederlandsche Volkzangen. 's-Gravenhage, 1828.

- \*Leland, C. G. Gypsy Sorcery. Londen, 1891.
- \*Margoliouth, D. S. Mohammedanism. Londen.
- \*Olliver, C. W. Analysis of Magic and Witchcraft. Londen, 1928.
- Prowse, C. M. The Lure of Islam. Londen, 1915.
- \*Quanjer, Ph. C. A. J. Beknopte Volkenkunde van Nederlandsch-Indië. Den Haag, 1932.
- \*Sale, G. The Koran. Londen.
- \*Scheurleer, D. F. Van Vechten en Varen. 's-Gravenhage, 1914. Nederlandsche Liedboeken. 's-Gravenhage, 1912.
- Schonken, F. Th. De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Overleveringen. Amsterdam, 1914.
- Van Duyse, Fl. Het Oude Nederlandsche Lied (3 dele).
- Vankenhove, R. en Lepage, A. Het Volksleven in het Straatlied. Gent, 1932.
- \*Van Vloten Baker- en Kinderrijmen. Leiden, 1874.
- \*Wickwar, J. W. Witchcraft and the Black Art. Londen, 1925.
- Wirth Untergang des Niederländischen Volksliedes. Den Haag, 1911.
- Wouters, D. en Moorman, J. Het Straatlied (2 dele). Amsterdam, 1933, 1934.

Origins liederboeke wat die Nederlandse liederen en gedigte van die 17e en 18e eeuw bevat:

*Liederenschat, Wat Nederland zingt, Een Alleen, Matroozen-Zang op de Reis naar Cabo de Goede Hoop, Van Zeevarende Luijden en Zee-Poeëten ens.*

#### SAMEGESTELDE WERKE.

- \*A Survey of Islam in South Africa (International Review of the Missions, Vol. 14, pp. 560-571).
- \*Aankomende Brieven aan de Kaap van de Hooge Regering te Batavia (Afgaand Indiaasch Briefboek). Landsarchief, Batavia.
- \*Dagregister, Gehouden in 't Kasteel Batavia. Landsarchief, Batavia.
- \*Realia — Register op de Generale Resolutieën van het Kasteel Batavia (1632-1805). Landsarchief, Batavia.

## TYDSKRIFTE EN PAMFLETTE.

(Tydskrifte wat net eenmaal aangehaal is, word in die teks deur voetnote aangedui.)

Cape Malay, The: J. S. Mayson.

Early Arabic Printing at the Cape of Good Hope. (Bulletin of the School of Oriental Studies, Vol. VII, Part I, 1933.)

Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika (20, 27 Junie 1933).

Huisgenoot, Die: Ons Geselstaal. Deur G. R. von Wielligh, met aantekeninge deur prof. J. J. Smith. Februarie 1921.

Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees. Deur dr. J. L. M. Franken. 23 Mei, 20 Junie, 27 Junie, 18 Julie 1930.

Maleise en Portugese Relikte aan die Kaap. Deur dr. J. L. M. Franken. 24 Oktober, 7 November 1930.

Kleurling-Afrikaans. Deur F. Rasmus, 11 Augustus 1933.

Kitaboos Salaat, ver de Geenige wat dit wil leer: (Arabies-Afrikaanse pamflet, Openbare Biblioteek, Kaapstad).

Mussulman Population at the Cape, The. Deur M. Kollisch, Constantinopel, 1867.

Nieuwe Rotterdamsche Courant (6 Augustus tot 8 Oktober 1933).

Ons Land (Jaergange 1911, 1916, 1920).

